26 April 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 232 – Nommer 135

KERKBODE

2024 Wenners van die Andrew Murray-Desmond Tutupryse bekend. Besoek kerkbode.co.za

Pelgrimstog van Hoop: "Die stap was vir lewe, vir nuwe geleenthede, nuwe vriende en oorwinning … Alles dinge wat ons in Christus ook kon beleef." - Leraars stap nuwe roete saam. Bl 10-11



Foto's: *Kerkbode*-span gesels met stappers by die eindpunt van vanjaar se Red 'n Gemeenskap Camino in 'n nat Karoo. Bl 4

'Goedkoop versoening rem eenheidsgesprek tussen VG en NG'

LE ROUX SCHOEMAN

Sonder al vyf R'e is versoening "goedkoop", het prof Leepo Modise van die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGKSA) gesê by 'n ekumeniese konferensie in Durban waar onder meer die NG Kerk se toewyding tot 'n proses van eenwording tussen die twee kerke gepeil is.

"Die vyfde R is restitusie," het Modise gesê in 'n lesing getiteld "Belhar, the poor and the voiceless". "Só wys jy die gewig van die apologie en druk jy dank uit vir versoening."

Restitusie was 'n prominente tema onder 'n aantal VGK-leiers se bydraes by dié onlangse geleentheid, wat ook die VGK se 30ste bestaansjaar herdenk het. Die 5 R'e waarna Modise verwys (Reality, Responsibility, Repentance, Reconciliation en Restitution) figureer meermale in dié Unisa-akademikus se navorsing.

"Versoening sonder ander komponente van herstellende geregtigheid is goedkoop versoening wat lei tot strukturele geweld," het Modise gesê aan die gehoor van sowat 60 in 'n hotelraadsaal aan die wal van die Umgeni-rivier. "Daarom is dit nodig om rondom die tafel te sit met die NG Kerk en hulle by herhaling te herinner aan dit wat nog nie betaal is nie en onafgehandelde sake. Om hulle by herhaling te herinner dat ons moet verenig sodat ons in dieselfde konteks en ruimte kan sit en die behoeftes van die armes kan identifiseer as 'n verenigde kerk … nie as satelliete wat van ver af kyk nie."

VGK-leiers van regoor die land, asook ds Jan Lubbe, die moderator van die NG Kerk se Algemene Sinode, en verskeie "ekumeniese vennote" uit Europa was deel van die geleentheid wat gekenmerk is deur hoflike indien prontuit gesprek oor 'n verskeidenheid van aktuele en teologiese onderwerpe.

Lubbe het gesê hoewel hy as "eerste beskuldigde" agter die podium inskuif, hy dankbaar vir die uitnodiging is. "Ek is jammer om te sê, daar is baie rassisme in die NG Kerk, want daar is ook baie rassisme in Suid-Afrika. Die spook van apartheid en die spook van rassisme spook nog by ons in ons land en ons kerke. Ek is jammer om dit te sê. Wat ons kort is 'n hartsverandering. Bekering."

Senior VGK-leiers soos eerw Motlalentwa Betha wou weet of die NG Kerk ernstig is met eenheidsgesprekke en het genoem dat hy al deur die jare leiers sien kom en gaan het en opmerk hoe die geesdrif daarvoor kan taan. Ander, soos PMK Tladi van Polokwane en leier van die VGK se Christian Men Ministry, het gevra of dit nou "dieselfde NG Kerk is wat fondse onttrek het toe die VGK gevorm is … en wat hulleself die moederkerk noem en ons los om die kinderkerk te wees?" Eerw Boitumelo Senokoane het oor grond en eiendom gepraat. Hy het gesê namate swart lidmate skuif uit woonbuurte waarheen apartheid hulle gedwing het, moet hulle kerkgeboue terugkoop by die NG Kerk. "En dit is normaal … dis business as usual," het hy verontwaardig opgemerk. "Dat ons moet grond terugkoop by hulle. Grond wat hulle verniet gekry het van die regering of namens ons besit het (gedurende apartheid) … Nou moet ons dit terugkoop van hulle." Senokoane wou weet of die VGK nie regstappe teen die NG Kerk moet oorweeg oor die eiendomskwessie nie.

Lubbe het tydens sy spreekbeurt op Vrydag 12 April onder meer vertel hoe hy as kind op Kuruman by die destydse NG Sendingkerk (waaruit die VGK weldra sou groei) gasvryheid bewys is tydens 'n besoek saam met sy pa. Oor die groter trajek van die eenheidsgesprek met die VGK, het die Vrystaatse kerkleier gesê die fokus op "die gay-vraag" het die NG Kerk die afgelope paar jaar "na binne gedraai" en gesprekke oor eenwording het gevolglik minder "energie" gehad. "Dis geen verskoning nie," het hy bygevoeg.

> Vervolg op bl 5

Ds Jan Lubbe (links) was onder die gaste by 'n ekumeniese konferensie ter viering van die VGK se 30ste bestaansjaar. Lees meer op bl 7 en 17. Foto: Le Roux Schoeman

Stryd met sinode: Dié gemeentes maak beursies toe

Sowat 38 gemeentes van die NG Kerk in dieVrystaat betaal tans geen bydraes vir sinodale werksaamhede aan dié streeksinode van die NG Kerk nie.

"Ons verstaan dat daar verskillende redes hiervoor is, onder andere dat 'n aantal gemeentes klein geword het en finansieel regtig swaarkry," skryf ds Jan Lubbe in 'n "skrywe aan gemeentes".

Aan besluitnemers by gemeentes wat egter doelbewus bydraes weerhou weens meningsverskil binne dié teologies gespanne sinode, het Lubbe gesê die "hele kerkverband in die Vrystaat (ly) onder die nie-betaal van hierdie bydraes: Netwerke in belang van gemeentes en hulle opbou; die bestuur van fondse in belang van leraars en gemeentes; projekte vir noodleniging en ons getuienis in die breër gemeenskap, ook saam met ons familiekerke (die NGKA en VGK). Kom, laat ons praat en saam 'n plan maak," lui die beroep aan die betrokke gemeentes.

Daar is sowat 153 gemeentes (in 15 ringe verdeel) binne die grense van NG Kerk Vrystaat, volgens die NG Kerk se jongste Jaarboek-data.

Vrystaters sal op 3 Oktober vir 'n tweede buitengewone sinode byeenkom.

Die moderamen het onlangs 'n "Verklaring van Welwillende Voorneme" versprei om te weg te baan.

> Lees die volledige dokumente by kerkbode.co.za.

'Kultuurskuif gebeur nie sonder teenstand nie'

Sommige lidmate stap met teer en 'n stamper of twee om slaggate in die pad reg te maak. Ander saamstappers tel weer vullis op en bid vir elke huis soos hulle verbystap. Vir die NG Gemeente Riebeeckstad is "missionaal wees" deel van hulle DNS, hoor Kerkbode in dié aflewering van die Kerk wat werk-reeks. **Heléne Meissenheimer** doen verslag.

Soms maak hulle foute, vertel ds Christo Nel, die gemeenteleraar by dié voorstedelike gemeente in die Vrystaatse Goudveld. Maar, hulle kry ook iets reg. Want mense van buite die kerk "sien raak" en wil ondersteuning bied. Só kon die gemeente byvoorbeeld danksy hulle gemeenskap se ondersteuning in die laaste twee jaar meer as 200 gesinne bystaan wat oor die Kerstyd swaarkry.

Moraal is laag, maar …

Slaggate en wisselvallige watervoorsiening is twee probleme wat ook dié dorp ry. Dele van die dorp was glo al vir tot 22 weke sonder water. Kragonderbrekings. Armoede neem toe. In kort, som Christo op, die "moraal is laag". Volgens hom is die uitdaging juis dan om nie te vra "Wat de hel gaan aan?" nie, maar eerder "Waarmee is God besig?"

Dit is dié einste vraag wat die gemeente keer op keer kies om te vra, vertel Christo. Die omgewing het sedert die gemeente se ontstaan (in 1977) radikaal verander. Van hoofsaaklik wit Afrikaanse inwoners wat in die mynbedryf staan na 'n kultureel diverse gemeenskap waarvan sowat 60% Sothosprekend is. In hierdie voorstad, vernoem na Jan van Riebeeck, woon nou meestal onderwysers, polisielede en staatdienswerkers. Daar is ook baie pensioenarisse.

Die gemeente het gesien dat hulle lidmaatgetalle drasties minder word. Tans het hulle sowat 500 lidmate. Die samestelling het ook verander na meer ouer lidmate en minder gesinne. Dit wys onder meer in die kategesebediening wat gekrimp het vanaf 600 kinders in die middel-90's na sowat 80. Multikulturele dienste is glo 'n uitdaging, maar Sondagaande se tienerdienste word bygewoon deur jongmense vanuit die hele gemeenskap.

Die gemeente het gesien dat hulle lidmaatgetalle drasties minder word.

Hulle het wel 'n gesonde kerngroep wat baie betrokke is, vertel Christo. Dit is ook bemoedigend vir hom dat hulle gemeente 'n "gesonde en aktiewe" gebedsbediening het. "Ons glo dat niks kan gebeur of verander as ons nie ernstig tyd en *effort* insit in gebed nie."

Tragedie eis lewens

Christo en sy onderwyservrou, Hannetjie, was aan die begin van die jaar geestelike kampleiers by die plaaslike hoërskool se graad 8-kamp waarna ses meisies dood en etlike beseer is in 'n tragiese busongeluk. Die gebeure het Christo stukkend gehad, het hy vir *Kerkbode* vertel.

Ná die Covid-pandemie moes hulle die gemeente van vooraf opbou, vertel Christo wat in Mei vanjaar reeds 17 jaar gemeentelaar is by

Riebeeckstad. Geleidelik het mense vanuit die gemeente gekom met projekidees. Sommige het mooi gewerk, ander minder so.

Die gemeente het twee goed geleer: om nie planne in pen op te skryf nie – dit vee te moeilik uit, en ook, om nie te gou moed op te gee nie. As iets nie werk op een manier nie, kyk hulle om 'n ander plan te maak.

Wat vir hom mooi is, is dat al meer mense uit hulle gemeente en ook die breër gemeenskap betrokke raak. Ook dat verskillende mense leiding neem.

So stap die kategeseskool se kinders een maal per jaar saam met grootmense deur die strate en plant by elke huis 'n gebedsvlaggie na hulle saam gebid het. Ander mense deel weer vetplantjies met bemoedigende boodskappies op uit by besighede. Ander weet weer hoe om slaggate reg te maak.

Leer by ander gemeente

In 2022 het iemand op YouTube 'n video raakgesien van 'n "Straatkafee"-projek waarmee die NG gemeente op Tzaneen behoeftige mense in hulle gemeenskap gehelp het. Christo vertel hulle het kontak gemaak met hierdie gemeente uit Oostelike Sinode, raad gevra en aan die werk gespring om voor Kersfees hulle eie een te hou.

Die "Straatkafee"-projek, wat al meer as 200 behoeftige gesinne gehelp het, het ingesluit mense wat naels verf.

Dit het behels die opstel van verskillende punte in 'n saal met alles van nie-bederfbare kos, toiletware, vars groente en klere. Daar was ook 'n gesondheidstasie met verpleegpersoneel wat bloeddruk meet en suikertoetse doen asook mense wat hare sny, naels verf en voete pamperlang. Sowat 100 gesinne uit die hele omgewing, nie net uit Riebeeckstad nie, is gehelp. Hulle het "ongelooflik baie hulp en ondersteuning uit die gemeenskap gekry," het Christo gesê. Verlede Desember kon hulle 123 gesinne help.

Nog projekte sluit in uitreike na die polisie, hospitale en petroljoggies by sowat 26 petrolstasies. Hulle fokus is veral op die bou van verhoudings. "Nie dat ons al perfekte verhoudings het nie, maar so het dit al gebeur dat swart en wit bure mekaar help in tye sonder water en selfs waar daar kwaai buurmanskap was, dit herstel is en kon mense mekaar beter leer ken," skryf hy.

Christo sê wat vir hulle belangrik is, is dat elkeen 'n roeping het om missionaal te wees.

"Om missionaal te wees gaan nie oor 'n gemeente met 'n uitreikkommissie nie. Missionaal is 'n DNS- en kultuurskuif," verduidelik hy. Hulle gemeente se roeping 'Wees lig in die duisternis' moet wys in alles wat hulle doen, van tee skink tot die regmaak van paaie.

So 'n kultuurskuif gebeur nie sonder teenstand nie. Maar al sal almal nie "inkoop" nie, sê hy die kerk se roeping kom eerste, "om Jesus se hande, voete, hart, mond en ore in hierdie wêreld te wees".

Die **NG Gemeente Riebeeckstad** is een van vyf wat die NG Kerk se Algemene Taakspan Navorsing onlangs in 'n verslag uitgelig het as 'n plek waar "samewerking, inklusiwiteit, plaaslike betrokkenheid, roepingsbewustheid en diensbaarheid sigbaar is", het dr Mias van Jaarsveld in 2023 geskryf in 'n *Kerkbode*-artikel, "Brixton: As mens sukses sou meet aan getalle en geld, sou jy dink dié gemeente is onsuksesvol. En tog …"

Links: Ds Christo Nel en sy vrou, Hannetjie. Regs: Nog projekte sluit in uitreike na petroljoggies.

Wenke wat werk

By navraag oor wat hulle geleer het wat vir ander gemeentes ook kan help, noem hy sewe punte:

> Voor julle op projekte besluit, luister eers na wat God vir julle sê en gaan sit en luister mooi na die mense in jou gemeenskap. Soos hy dit stel, "moenie probeer om ander kerke se planne 'n bloudruk vir jou gemeente te maak nie."

> Maak missionaal deel van julle DNS en kultuur. Oppas vir 'n 'kommissie'.

> Werk met wat jy het. Dit hoef nie baie geld te kos nie.

> Droom groot maar begin klein en eenvoudig.

> Moenie bang wees vir foute maak nie.

> Bid! Bid! Bid!

> **Aan die dominee:** Kyk mooi na die gemeente. Rus hulle toe, versorg waar nodig en hê hulle lief. Gesonde gemeentes kan 'n gemeenskap gesond maak en verander.

Ds Christo Nel van Welkom vertel van die hartseer, maar ook verstommende ondersteuning wat hulle as gemeenskap ervaar het na 'n onlangse busongeluk waarin ses tieners dood is. Besoek kerkbode.co.za

‘Ek is nou genees van te gou opgee’

– Red ’n Plaas-caminostappers vertel

Vanaf 6-12 April het 50 stappers van regoor die land in die Karooveld om Victoria-Wes reën, wind en son as deel van hierdie staptog trotseer. Heléne Meissenheimer, joernalis by Kerkbode was daar. Lees en luister meer oor haar gesprekke met stappers by www.kerkbode.co.za - kliek op die Kollig-podsending.
Foto’s: DJ Muller.

Foto: Juliet Coltham

Sy ontdek haar ou roeping in ’n nuwe wêreld

“As dit maklik is, doen jy dit verkeerd!” sê Sharaine Steenberg.

Ek vra haar oor hulle besluit destyds om Nieu-Seeland toe te trek.

“Ná agt jaar dink ek nog baie daaraan om eerder terug te gaan Suid-Afrika toe. Ons het getrek vir ’n toekoms vir ons kinders, en sodat ek naby my ma kan wees – hulle het ’n jaar voor ons getrek. Maar nou dat ek terugkyk, was dit regtig God se plan vir ons. My impulsiewe, en somtyds selfsugtige, neigings het gemaak dat ons op die vliegtuig geklim het, maar sonder om *cheezy* te wees, God is die een wat my hier hou.” Sy sê die groot besluit is op die ou einde nie om te trek nie, maar om te bly. Want ’n mens wil heeltyd weer terugtrek.

Sharaine het destyds teologie by Tukkies studeer. “Ná dit het ek ’n nagraadse studie in Leadership in Urban Theology gedoen onder leiding van Stephan de Beer. In daardie jaar het ek meer oor die bediening geleer as my hele sewe jaar van MDiv.

Dit is waar ek meer oor Asset Based Community Development geleer het, en uiteindelik verstaan het wat die kerk se rol in die gemeenskap kan en moet wees.”

Sy haar man Etienne, en hulle drie kinders woon tans in Tauranga op die Noordeiland van Nieu-Seeland. En dit is nie so maklik, of altyd so lekker, as wat die mense in Suid-Afrika dikwels dink nie.

Daar is min Christene, en die gemeenskap is toenemend krities teenoor die kerk. Sy vertel ook hoe dikwels Nieu-Seelanders al, wanneer hulle haar aksent hoor, vir haar gevra het waarom sy nie liewers terugaan na haar “eie land” nie. Die ergste is egter die verlange na die gewone dinge en mense in Suid-Afrika.

Maar dis net die een kant van die storie. Aan die ander kant weet Sharaine vandag dat die Here haar daar gebruik.

Sy is betrokke by ’n gemeente waar sy dikwels kans kry om te preek – al

is sy nie formeel bevestig as dominee nie. Die ACK (Afrikaanse Christen Kerk in Nieu-Seeland) in Tauranga is is ’n multi-denominasionele kerk. “Dis nie soseer die kerktradisie waarin ons grootgeword het wat ons saambind nie, maar eerder die taal en kultuur. Sondae preek ek vir van Charismatiese Christene tot Ou Apostolies, van Doppers tot Sewende dagse Adventiste, en dis pretty cool!”

En dan is daar haar grootste passie: betrokkenheid by die sosiale nood in die gemeenskap.

“*Community energise* my! Ag, ek is mal daaroor, veral as ek sien hoe ’n gemeenskap saam werk om mekaar te help en probleme aan te pak. Dis die sosiale entrepreneur in my. Ek *love* dit om na ’n gemeenskap te kyk en die gapings te soek, daai Asset Based Community Development -ding. Enige gemeenskap het die potensiaal om probleme in hulle eie agterplaas uit te sorteer. Ons moet net die gaping sien, en binne ons eie netwerke kyk hoe ons die probleem kan oplos. Dit is wanneer daai liggie in ’n *community* aangaan, en hulle dit die dag self begin uitsorteer, dat ek skoenlappers in my maag kry,” sê sy.

Daar is meer sosiale nood in Nieu-Seeland as wat baie mense besef. Sy sê mense is eensaam en voel dikwels hulle word aan hulle eie genade oorgelaat, veral gestremdes.

“Ek het die beste werk ooit! Ek werk vir Chrome Collective as operasionele bestuurder en ons het sopas ons Social Enterprise maatskappy, Cultivate Culture gestig, waarvan ek nou die eienaar is.”

Hulle het onder andere ’n hulpbronherstelsentrum wat fokus op werksgeleenthede vir gestremdes.

“Mense bring hulle bruikbare huisware, meubels, gereedskap, ou rekenaars, omtrent als op jou erf, na ons toe. Ons maak dit dan reg en verkoop dit weer. Goed wat nie reggemaak kan word nie, word uitmekaar gehaal en ons verkoop die onderdele en *recycle* die res. Die idee is dat ons so min as moontlik gemors het wat na die vullisterrein toe gaan. Dit is letterlik die spreekwoord – ‘one man’s trash, is another man’s treasure!’” sê sy en ’n mens kan die passie in haar stem hoor.

Maar dis nie altyd maklik nie. “In SA was dit amper vanselfsprekend dat ons op God vertrou met dit wat ons in die bediening doen – ons is mos ’n Christelike organisasie.

Maar hier sink jy vinnig as jy nie vashou aan Jesus nie. En aan die ander kant moet jy so min moontlik oor jou geloof sê, want die gemeenskapswerk hier word selde deur Christenorganisasies gedoen.”

Haar passie vir gemeenskapsontwikkeling kom ’n lang pad. Tydens haar studentejare het sy vir lank in ’n huis vir jongmense in nood in Villieria gewoon. Later het sy projekte bestuur by PEN in die middestad van Pretoria, waar sy saam met dominees soos Marinda van Niekerk en Francois Smit gewerk het.

“Hulle het ’n groot invoed op my denke gehad,” sê Sharaine. “Én Wilhelm van Niekerk, by hom het ek geleer oor *social enterprise* en om *business-for-purpose* te doen, waarvoor ek hom ewig dankbaar sal wees.”

Wat sy sou sê vir ’n dominee in Suid-Afrika wat tans oorweeg om Nieu-Seeland toe te trek?

“Ek sou sê kom, maar moenie dink dit gaan maklik wees nie. As jy kom moet jy weet jy gaan jou roeping hier moet kom uitleef en dit gaan vir jou erg moeilik wees. Sien dit soos sendingwerk. Ek het byvoorbeeld nooit gedink ek gaan ooit iewers wees waar ek geterg gaan word omdat ek ’n Christen is nie. Ons het mense nodig wat hierheen kom nie omdat hulle weghardloop van Suid-Afrika nie, maar wat kom om hulle roeping hier te wil uitleef.”

Waaraan hou sy vas as dit rof gaan?

“Wees stil en weet ek is die Heer,” sê sy.

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugontwikkeling en die NG Gemeente Villieria.

> **Vervolg van bl 1**

Prof Christina Landman het op haar beurt daarop gewys dat daar tog vordering was.

Die tussenorde van 2015 het dit moontlik maak vir gemeentes in plekke soos Caledon, Tulbagh, Stellenbosch en Bredasdorp in die Wes-Kaap, asook gemeentes in Gqeberha in die Oos-Kaap en in Noordelike Sinode gemeentes soos Nellmapius (VGK) en Lynnwoodrif (NGK) en Pretoria (NGK) en Melodi ya Tshwane (VGK) en ander om tot ’n groot mate te verenig, het sy gesê.

Maar verdere eenheidsgesprekke het “prakties tot ’n stilstand gekom”, volgens haar. Landman het daarop gewys dat albei kerke in interne stryd gewroeg is.

Modise het gesê die twee kerke is tans “aparte entiteite” en ’n beeld van wedersydse vervreemding geskep. “As hulle jou sien, sien hulle jou net as ’n nuwe swart elite wat bevoordeel is deur die korrupte demokratiese Suid-Afrika … So ons moet ’n bietjie dieper gaan. Die restitusie waarvan ons praat, moet deel wees van herenigingsgesprekke … Ons is ’n bietjie ver van mekaar.”

Om ’n verwysing na onbetaalde apartheidskuld te verduidelik, het Modise die beeld gebruik van ’n fiets wat ’n tyd lank gesteel en daarna terugbesorg is. “As ek ’n fiets het wat ek elke dag gebruik om mee werk toe te gaan (en jy vat dit).

En dan, wanneer ons versoen, gee jy my fiets ná tien jaar terug, maar jy tel nie hoeveel ek verloor het deur nie daai fiets te hê nie, dan aanvaar jy nie verantwoordelikheid nie,” het Modise gesê.

Herwinning is méér as bewaring

Ons moet eenvoudig aan herwonne materiaal as 'n noodsaaklike hulpbron begin dink, berig **Fay van Eeden** en deel wenke na aflloop van sowel Internasionale Herwinningsdag (18 Maart) as Internasionale Waterdag (22 Maart).

Wanneer ons aan die aarde se natuurlike hulpbronne dink, dink ons aan ses – water, lug, olie, aardgas, steenkool en minerale. Hierdie hulpbronne verteenwoordig die grondslag van ons bestaan. Sonder hierdie ses elemente kan ons nie oorleef nie, tog is ons besig om argeloos met hulle om te gaan. En terwyl ons natuurlike hulpbronne krimp, word ons stortingsterreine al groter.

Volgens die State of Waste Report (SoWR), wat deur die Departement van Omgewingsake uitgereik is, het Suid-Afrikaners in 2017 ongeveer 54,2 miljoen ton afval in 'n jaar gegenereer waarvan 90% op stortingsterreine en elders beland het. Met stortingsterreine wat teen 'n snelle pas vol word en baie min nuwe terreine wat beskikbaar gestel word, gaan ons binnekort in ons eie vullis begin verdrink. Oplossings vir hierdie uitdagings is nie eenvoudig nie, maar 'n 'sewende hulpbron', dié van herwinning, kan dalk 'n bietjie help.

Die wêreld dink in hierdie dae oor twee van hierdie sewe hulpbronne met die viering van Internasionale Herwinningsdag (18 Maart) en Internasionale Waterdag (22 Maart).

Kerkbode het gedink om 'n paar wenke te gee oor hierdie twee hulpbronne.

Herwinning

Herwinning help nie net met die bewaring van kosbare primêre hulpbronne nie, dit bekamp ook klimaatsverandering deur jaarliks meer as 700 miljoen ton se CO_2-vrystellings te bespaar. Dit verskaf ook aan 1,6 miljoen mense wêreldwyd werk. En volgens die Internasionale Herwinningsdag se webblad is die verwagting dat die herwinningsbedryf se bydrae tot die globale BBP $400 miljard in die volgende 10 jaar sal oorskry. As 'n mens in ag neem dat ons die afgelope 50 jaar meer hulpbronne verbruik het as ooit tevore in die geskiedenis van die planeet en dat die sewende hulpbron (herwonne materiaal) 40% van die wêreld se grondstofbehoeftes voorsien, dan is dit nie moeilik om te sien waarom herwinning belangrik is nie.

'n Paar herwinningswenke:

> **Herwinning begin by jou aankope.**
Produkte sonder verpakking is eerste prys, maar ongelukkig is verpakkingsvrye aankope selde moontlik. Probeer dus eerder produkte koop wat in herwinbare verpakking is.

Vermy "wensherwinning".
Wensherwinning is wanneer jy iets in die herwinningshouer plaas met die hoop dat dit herwin sal word. Ongelukkig kan baie materiale nie herwin word nie. Maak asseblief seker dat dit wat jy in herwinningshouers plaas wel herwinbaar is.

Spoel jou herwinbare produkte uit.
Spoel jou leë blikkies en bottels uit. Vuil bottels en blikkies is moeilik of onmoontlik om te herwin en kan ander items wat wag om herwin te word, besoedel.

>**Weet wat herwin kan word en hoe.**
Plastiek: As daar 'n nommer 1 tot 6 in die herwinningsdriehoekie is, kan dit waarskynlik herwin word. Nommers 1 tot 3 word wyd in Suid-Afrika herwin. Nommer 7 plastiek word nie tans in Suid-Afrika herwin nie.
Polistireen is nie herwinbaar nie.
Glas: Net glasbottels word herwin. Verwyder die deksels en herwin apart.
Alle skoon en droë karton, papier en koerantpapier kan herwin word.
Onthou dat enige papier met 'n plastieklagie, soos die meeste toedraaipapier, nie herwin kan word nie.

> **Water**

Internasionale Waterdag nooi ons om anders te begin dink oor hoe en hoeveel water ons gebruik. Daar is baie maniere om water in en om jou huis te bespaar. Die oes van reënwater in tenks is 'n goeie opsie, sowel as die hergebruik van grys water, maar beide verg beplanning en het koste-implikasies. Hier is 'n klomp eenvoudige maniere om vandag nog water in jou huis te bespaar.

>**Draai die kraan toe terwyl jy jou tande borsel**
Hierdie is een van die maklikste maniere om water in jou huis te bespaar. Wanneer jy jou tande borsel, maak jou borsel nat, vul 'n glas met water om jou mond uit te spoel en draai die kraan toe.

>**Neem korter storte of neem 'n vlak bad**
'n Tipiese stort gebruik 18 tot 37 liter water per minuut. Deur vyf in plaas van tien minute te stort, kan jy baie water bespaar. Oorweeg dit om in die somermaande die kraan toe te draai terwyl jy jouself seep. Of oorweeg dit om daardie lang stort met 'n vlak bad te vervang, want 'n vlak bad gebruik minder water as die kortste stort.

>**Versamel afloopwater in jou stort**
'n Emmer langs jou in die stort kan tot 60 liter water per stort opvang. Daardie water kan gebruik word om plante nat te lei of toilette te spoel.

>**Sit 'n plastiekbottel in jou toilettenk**
Nog 'n manier om water in jou badkamer te bespaar, is om 'n liter bottel met 'n paar klippies en water te vul en dit in jou toilettenk te plaas, natuurlik weg van die meganisme af. In 'n gemiddelde huis kan hierdie bottel tot 20 liter water per dag spaar sonder om die doeltreffendheid van die toilet te beïnvloed.

> **Kyk vir lekkasies**
Lekkende toilette, krane en pype mors baie water. 'n Toilet wat lek, kan tot 350 liter water per dag mors. Om te kyk of jou toilet 'n lek het, gooi 'n bietjie voedselkleursel in jou toilettenk. As daar, sonder om te spoel, gekleurde water in die toiletbak is, lek jou toilet.

> **Gebruik jou outomatiese skottelgoedwasser en wasmasjien slegs wanneer vol**
Die gemiddelde skottelgoedwasser gebruik ongeveer 95 liter en wasmasjien 115 liter water per vrag – maak dus seker dat hulle vol is voordat jy hulle aanskakel.

> **Dink anders oor tuinmaak**
Kies plante en bome wat nie baie water nodig het nie. 'n Deklaag om bome en plante sal ook verdamping vertraag. Maak jou tuin nat gedurende die koeler dele van die dag. As 'n reël is die beste tyd om jou tuin nat te lei voor 10:00 en na 16:00.

> **Eet 'n bietjie minder vleis**
Volgens die blog *Tiny tips that shake the world* spaar jy 130 liter water deur vleis vir 'n week uit jou dieet te sny. Ek bepleit nie 'n plantgebaseerde dieet nie, maar dit blyk dat minder vleis eet op meer as een manier 'n verskil kan maak.

Ds Fay van Eeden is leraar by die NG Kerk Stellastraat en ekoblogger. Volg haar op Facebook en instagram.

Kerkbode Kollig-podsending: Hoe moet lidmate 'goedkoop versoening' verstaan?

Is verhoudings tussen wit en bruin en swart Christene in die banke van kerke soos die NG Kerk en die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) 30 jaar ná apartheid aan 't versterk en verdiep?

Is daar grondige versoening tussen rasse en op strukturele vlak binne die NG Kerk die soort "herstellende geregtigheid" waarvan teoloë praat?

In die jongste Kollig-episode berig ons vanuit Durban oor 'n onlangse interkerklike konferensie wat die VGK aangebied het en waar rolspelers onder meer eenheid met die NG Kerk op insiggewende wyse bespreek het.

Die vraag is: Werk gemeentes, in hierdie jaar wat die VGK sy 30ste bestaansjaar vier, aan kerkeenheid en is daar vooruitgang, stagnasie of terugval? Is daar hoegenaamd vordering as prof Leepo Modise verduidelik dat versoening sonder restitusie "goedkoop" is? En as ds Jan Lubbe toegee dat die NG Kerk tot 'n mate na "binne gedraai het" oor die afgelope paar jaar – ten koste van eenheid?

Die Kollig-aanbieder Heléne Meissenheimer nooi ook die joernalis en Kerkbode-redakteur Le Roux Schoeman in na die virtuele ateljee om sy indrukke van die interaksie tussen leiers van die NG en VG Kerke te hoor.

Besoek kerkbode.co.za

Bo: Prof Klippies Kritzinger en dr Susanne Bei der Wieden (onder). Foto's: Le Roux Schoeman

Die Vergenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se plek in 'n "brose" wêreld en die impak van konflik in wêrelddele soos Rusland en Oekraïne asook Israel en Gasa … Dit is van die temas wat by 'n konferensie vir ekumeniese VGK-vennote bespreek is.

Oor regse ekstremisme: Kerke moet onthou, nadink en teensit

LE ROUX SCHOEMAN

Die bevrydende boodskap van die evangelie sluit alle vorme van diskriminasie uit en dit is kerke se werk om beide te konfronteer én te onthou, het 'n Duitse kerkleier vandeesweek in haar bespreking van die opbloei van regse ekstremisme in Europa gesê.

"It is important that we do not let up on the culture of remembrance," het dr Susanne Bei der Wieden op Donderdag 11 April by 'n ekumeniese konferensie in Durban gesê.

"The creed of 'never again' must be kept alive," aldus dié president van die Evangelisch-reformierte Kirche in Duitsland met daardie land se geskiedenis van die volksmoord op die Jode in die vorige eeu wat steeds 'n skadu oor kerk en nasie gooi.

In aansluiting by haar rede het prof Rothney Tshaka van Unisa gesê: "This might appear as not threatening the heart of the gospel, but indeed it is a danger. We can't wake up and say that only then …"

Dit verg 'n waaksame kerk, aldus Tshaka, wat nie verkeerdelik kwessies met potensieel gevaarlike verskynsels as "neutrale sake" takseer nie.

Bei der Wieden was een van 'n aantal ekumemiese gaste en sprekers by die Verenigende Gereformeerde Kerk (VGK) se konferensie waar onder meer die konflik tussen Israel en Gasa en kerkeenheid met die NG Kerk, bespreek is.

In haar ontleding van "ekstreme regsgesinde bewegings in Europa" het Bei der Wieden onderskei tussen Regse populisme, Regse ekstremisme en die Nuwe Regse Beweging (New Right).

Eersgenoemde is teen liberalisme, individualisme en enige een wat 'n ander standpunt handhaaf. 'n Bepaalde styl is merkbaar by dié groep, wat sy as die "vyf-minute-voor-middernag-mentaliteit" beskryf, waar alles op die rand van die afgrond is en die taal dikwels 'n apokaliptiese kwaliteit vertoon.

Regse ekstremiste bevraagteken weer die demokrasie direk, hoop vir diktatorskap en verwys positief na Duitsland se Nasionaal-Sosialistiese verlede.

Die derde groepering ("New Right") is volgens Bei der Wieden 'n intellektuele beweging met swaar klem op etnisiteit. Navolgers plaas hier minder klem op partye, en werk tot 'n mate metapolities om eerder 'n kulturele hegemonie te bewerkstellig.

Dit is die kerk se "voortdurende taak" om (die gebeure in Nazi-Duitsland) te onthou, teologies te reflekteer oor wat rondom om ons gebeur en duidelike teenstand te beid teen "verregse populistiese stellings", het die besoeker uit Duitsland aan die gehoor van sowat 63 gesê by die konferensie wat tot Sondag geduur het.

Rondom die oorlog tussen Israel en Hamas het prof Klippies Kritzinger (emeritus van Unisa) 'n wydlopende referaat gelewer waarin hy onder meer vyf vrae aanbied wat gestel moet word wanneer wanneer daar oor dié konflik besin word:

> **Agentskap** (Wie is betrokke?)
> **Konteks** (Wat verstaan ek van die situasie?)
> **Skrifinterpretasie**
> **Onderskeiding** (Wat om te doen)
> **Spiritualiteit** (Wat bedoel ons met "bid" of "intree" of betrokke raak?)

Kritzinger het die "praxis-raamwerk" se vyf "dimensies" (sien hierbo) bespreek en ook met die oorlog tussen Rusland en die Oekraïne in verband gebring waarna die gehoor aan die gesprek kon deelneem.

"… In conclusion, it is easy for me to talk like this here in South Africa. I realise that it may be more difficult for our European partner churches to speak like this in their own countries.

To show that these ideas about decolonising is not a cheap export product from a perfectly reconciled South Africa to a troubled Ukraine or Palestine, I must indicate the extent to which we have not dismantled our settler colonial system.

The reason why the Palestinian situation moves and touches us as South Africans so deeply that we have gone to the International Court of Justice to accuse Israel of genocide is because we see the parallels between their struggle and ours so clearly.

Having suffered in and under a settler colonial apartheid state, we can recognise another when we see it," skryf Kritzinger ter afsluiting in sy referaat.

Geen een besit die volle waarheid

André Mouton van Otavi skryf: As lidmaat van 'n Namibiese gemeente word ek nou gekonfronteer met 'n hangende skeiding tussen ons en die Algemene Sinode (AS). In my soeke na sin, het ek tot my verbasing agtergekom dat daar in die agtergrond 'n organisasie is wat 'n rol speel hierin. Dit is Kairos Netwerk (KN).

Op die KN-webwerf verduidelik hulle hulle posisie en plan oor hoe hulle die kerk wil tot inkeer bring en daarvan beheer wil oorneem om haar van dwaling te bevry.

Die stellings wat gemaak word is gerig, na my mening, op 'n verdagmaking van die integriteit van die AS en dat hulle die vegters in die trojaanse perd is wat die NG Kerk tot inkeer gaan bring.

Die Fariseërs in die tyd van Jesus het geglo hulle besit die volle kennis van die geskrifte en is deur Jesus aangespreek omdat hulle die geskrifte belangriker geag het as God. Geeneen besit die volle waarheid nie.

Die erkenning deur KN dat probleme net van binne opgelos kan word, is lofwaardig en is die halm waaraan vasgehou moet word. Die aantygings wat deur KN uitgespreek word, kan ook nie onaangespreek gelaat word nie. Dit kan egter net binne 'n raamwerk van wedersydse respek en in afhanklikheid van God plaasvind.

Geen verdelingstrategie kan ooit 'n goeie uitkoms hê nie. Ongelukkig is die enigste plan om vorentoe dinge beter te doen deur saam te worstel en tyd te gebruik. Die beginpunt is om die beginsels te bevestig waaroor daar saamgestem word. Die manier waarop dit gedoen word is ook belangrik, want dikwels word die stryd in die liefdeloosheid van die argumentering verloor.

Die begrip diversiteit is nie van toepassing op kernbeginsels nie. Diversiteit is waar verskillende sondaars (wat ons almal is) wat verlossing ontvang het, binne 'n ruimte wat ons as familie beskou, wat ons nie kon kies nie, maar moet liefhê, worstel met sy eie vertwyfelinge op pad na heiligmaking deur Christus te volg.

Slegs as ons daagliks elkeen ons eie kruis opneem in navolging van Christus sal ons meer toegerus wees om ander te begelei op hulle eie worstelpad na heiligmaking in Christus Jesus.

In wese is die KN-benadering 'n bedreiging van die eenheid van die kerk. Dit is nie in die gees van kerkwees om te baklei nie, maar ons het 'n rol van teregwysing. Dit is belangrik om 'n proses te kies wat ontlont en fokus op die kerngeloofsbeginsels waarvoor die kerk staan (as middelgrond) en vanuit daai waarheid mekaar dan te begelei binne 'n raamwerk van eenheid.

Die Algemene Sinode is die verpersoonliking van die kerk se koinonia. Hierdie forum gee ons die geleentheid om voortdurend ons broederlike liefde en liefde vir God uit te leef. Hierdie voortdurende interaksie hou die kompas van ons wese. As dit in liefdelose kansellasie van andersdenkende lidmate en strukture is, gaan ons gemeenskap tot niet en die kerk gaan in irrelevansie verdwyn. Voortdurende selfondersoek (deur jou eie kruis te dra) in ons soeke na die waarheid is 'n voorwaarde tot ware liefde wat God bo alles stel. (Brief verkort. – Red).

Dankie vir ringe wat nog die evangelie verstaan

Theo Danzfuss van Nelspruit-Suid skryf:
Teen hierdie tyd weet almal van die groeiende krisis in die NG Kerk rondom dwaalleer wat by verskeie van ons kerkvergaderings ingesypel het. Die groot vraag is: Wat moet ons maak met hierdie "lastige" gemeentes wat nie die NG Kerk wil skeur nie, maar wil reformeer? Wat sal ons doen met hulle wat nie die bande wil breek nie, maar dit wil opskort totdat daar genoegsame tekens van reformasie en bekering is?

In hierdie gewyde lydenstyd wat ons almal roep tot selfondersoek en verootmoediging, hoor ons twee antwoorde en twee evangelies weerklink: Een is die Paasfeesevangelie van die kruis en opstanding, die kragtige werking van die Heilige Gees en die kerk se boodskap van liefde en eerbied vir die waarheid: "Maak dissipels van alle nasies … leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het". Die ander evangelie wat ons hoor, herinner sterk aan die skare wat hulle ore toegedruk het en die waarheid met geweld probeer onderdruk het deur net te skree "Kruisig hom … kruisig hom …".

Hoe reageer ringe in hierdie Paasfeestyd op behoudende gemeentes wat uit eerbied vir die waarheid doleer of sekere bande opskort? Ek hoor die week van twee ringe wat presies die teenoorgestelde van mekaar reageer. Een ring volg die patroon van die onlangse dreigbrief teen leraars en gemeentes wat wil opskort. Die leraar word summier geskors en sonder enige inkomste gelaat om sy gesin te versorg, sy bevoegdheid word weggeneem en die ring probeer selfs bestuur van die gemeente oor te neem. (Hierdie besluite gaan daardie ring nog duur te staan kom, want al daardie besluite is natuurlik 'n nulliteit).

Hierteenoor hoor ons gelukkig hierdie week ook van 'n ander ring wat nog iets van die Paasfeesevangelie verstaan. Toe hulle hoor van een gemeente in hulle ring wat besluit het om weens hulle Skriftuurlike besware teen sinodale besluite, te doleer en om daarom die band met sekere kerkvergaderings wil opskort, toe steek daardie ring 'n hand van liefde en broederskap uit. Hulle verseker daardie gemeente van hulle begrip vir die probleem en onderneem om hulle te ondersteun in hulle soeke na 'n oplossing.

Vir hierdie ring wat met so 'n gesindheid reageer, haal ek my hoed af. Met sulke broeders en susters kan 'n mens nog saam 'n pad loop selfs al is ons nog nie volledig op dieselfde bladsy nie. Kom ons sê dankie dat daar tog 'n paar gemeentes, ringe en sinodes van die NG Kerk is wat nog iets verstaan van die krag van die Paasfeesevangelie.

Almal het draadsitters geword'

Ceska van Huyssteen van Standerton skryf:
Dit is 'n groot hartseer dat ek nie meer met die NG Kerk wil assosieer nie. Hoekom nie?

Want die NG Kerk twyfel oor die maagdelike geboorte van Jesus Christus, hulle wonder oor die hel, en predik van preekstoele af van die "heilige prisma" en God as moeder!

Woordinterpretasie is een ding, maar om hierdie belangrike beginsels in twyfel te trek, sê vir my die geleerdes is besig om die pad byster te raak. Ek is 'n eenvoudige kind van God, 'n ware tollenaar wat roep na my verlosser, Jesus Christus, se genade en redding.

My Verlosser, Jesus Christus is gebore deur die maagd Maria, deur die krag en werking van die Heilige Gees! Hy het aan die kruis gesterf omdat na die sondeval, ek persoonlik hel toe sou gaan. Waarom sou Hy deur hierdie ongelooflike pyn en lyding gegaan het, as daar nie 'n hel was om my van te red nie? In die woord is Hy Vader, ABBA en nie moeder nie! Praat van verdeeldheid oor die regte redes, maar die misbruik en verdraaiing van die Woord word nêrens openlik aan die publiek weergegee nie, want almal het draadsitters geword en is nie meer lus vir hierdie geveg nie. Waarom is dit vir die ASM so 'n verskrikking dat 'n paar gemeentes nie meer deel van hulle wil wees nie, juis omdat ons WOORDVAS wil bly staan?

Jesus Christus het almal lief, maar Hy haat die sonde. Sonde is wat dit is en kan nie deur die mens goedgepraat of goedgekeur word nie, maar die mens mag nie verstoot word nie. Waarom nie, want daar is geen groot sondes en klein sondes nie, daar is sigbare en onsigbare sondes, dit wat ons sien en veroordeel en dit wat weggesteek word maar God steeds sien. God is liefde en het elke sondaar ongrensbaar lief! Hou op kibbel oor onbelangrikhede en begin gesels oor dit wat regtig saak maak. My God, my God, wees hierdie sondaar genadig!

Postmoderne epistemologie kan nie gereformeerd wees nie

Johan Janse van Rensburg skryf:
Die polarisering binne die NG Kerk verwys. Albei partye wil by 'n gereformeerde verstaan van die evangelie uitkom. Ons is immers 'n gereformeerde kerk.

Verskillende vertrekpunte veroorsaak egter dat ons nie by dieselfde doelwit kán uitkom nie. 'n Gereformeerde paradigma verteenwoordig 'n bepaalde verstaan van die Skrif, soos dit in die belydenisskrifte uiteengesit word. Van hierdie belydenisskrifte getuig ons dat dit gesag dra omdat dit met die Woord ooreenstem. So glo ons, getuig artikel 1 van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

Dit is altyd 'n beweging van Skrif en Belydenis na die praktyk van die lewe.

Daar is egter 'n ander beweging, nie van Skrif na praktyk nie, maar van postmoderne konteks na die Skrif. Die Skrif word geïnterpreteer aan die hand van die vraagstukke en behoeftes van die dag. 'n Postmoderne verstaan van tekste getuig eenvoudig anders as 'n gereformeerde interpretasie van die teks. Daarom verskil ons met mekaar oor wat die teks bedoel om te sê.

Arme lidmate. Hulle is op 'n bepaalde manier geleer om die Skrif te verstaan. Kommentare, preke en stigtelike oordenkings het die Skrif vir hulle blootgelê. Maar nou word hulle deur sinodebesluite oortuig en selfs geleer om die teks anders te verstaan. In Paulus en Calvyn se tyd het die Skrif nie die LGBTQ+-beweging gesteun nie.

Vanuit 'n postmoderne vertrekpunt lei die LGBTQ+-werklikheid die kerk om die Skrif anders te verstaan. So ook met die verstaan van die duiwel, die opstanding van Christus en vele meer.

Só kom ons dan by verskillende uitkomste, verskillende teologie en kerklike praktyk. Albei standpunte is oortuig dat hulle die Bybel reg verstaan. Maar net een party kan by 'n gereformeerde identiteit uitkom. En dit is die enigste uitkoms wat integriteit aan die naam Nederduitse Gereformeerde Kerk kan gee.

'n Postmoderne epistemologie kan per definisie eenvoudig nie gereformeerd wees nie.

'Ek het nog geen valse leerstellings gehoor nie'

Albin Bowler van Bellville skryf:
Ceska van Huyssteen van Standerton (brief van 25 Maart 2024) skryf dat sy met groot hartseer nie meer met die NG Kerk wil assosieer nie.

Dit is woorde wat my aan die hart gegryp het! Ek aanvaar dat sy 'n lidmaat is en nie 'n leraar nie.

Haar redes is die tipiese redes wat 'n klein groepie predikante aan hulle gemeentes verkondig. Hierdie dolerende predikante vorm minder as 10% van predikante wat in gemeentes staan. Hierdie broeders veralgemeen, praat in die lug en verkondig allerlei onwaarhede. Aangesien hulle dit baie oortuigend doen, glo hulle gemeentelede hulle. Gevolglik begin hulle gemeentelede hulle napraat.

Laat ek dit duidelik stel: Ek ken geen predikant wat die kernwaarhede van ons geloof minag nie. Ek luister ook weekliks na verskeie e-dienste op YouTube (van nie-dolerende gemeentes) – ek het nog geen valse leerstellings gehoor nie.

'n Groot rooi vlag is wanneer sommige dolerende predikante in die oortreffende praat of skryf: Die NG Kerk / hele kerk / al die nie-dolerende predikante verkondig dit of dat.

Ek sal graag wil weet wie die predikante is wat die kernwaarhede in die Woord van God ontken, soos die maagdelike geboorte van Christus of die opstanding van Christus of die Goddelikheid van Jesus Christus of die hel of Satan of die Woord is nie die woorde van God nie, ens. Wees spesifiek, gee die name en moenie in die lug praat nie.

Wanneer ek eredienste waarneem, voeg ek sekere woorde en terme op gepaste plekke by die Apostoliese Geloofsbelydenis, bv.:

… en is op die derde dag fisiek uit die dood opgewek …, asook Ek glo die Bybel is die onfeilbare, foutlose, geÏnspireerde Woord van God.

Maak dit van my 'n dolerende?

Nee, glad nie. Die gedrag van 'n klompie dolerende leraars maak my hartseer. My persepsie is onder andere dat hulle veralgemeen en belaster. Gaan lees weer die Heidelbergse Kategismus (HK), Sondag 43, Vraag 112.

Iemand word as vrysinnig beskou as hy/sy nie die kernwaarhede van die Woord aanvaar nie. Nie as hy/sy verskil van die dolerendes nie, want dolerende predikante wil alleen voorskryf wat kernwaarhede is.

In die NG Kerk is daar 'n groepie dolerendes (wat 'n biblisistiese hermeneutiek en tradisie beoefen soos die skrifgeleerdes, Fariseërs en Sadduseërs van destyds). So versaak hulle die Reformatoriese beginsel van "ecclesia reformata, semper reformanda".

In die verlede het etlike predikante hulle geloof verloor en is onder tug geplaas of het uit hulle eie bedank, want hulle het mettertyd ontuis in die kerk gevoel.

My persepsie is dat in baie gemeentes die Woord suiwer bedien word en nie net in sogenaamde dolerende gemeentes nie.

Ek versoek dolerendes om die negende gebod in die HK te ontleed.

NG RUSTENBURG-PROTEAPARK

VAKATURES: VOLTYDSE PREDIKANTSPOSTE

Die kerkraad van NG Gemeente Rustenburg-Proteapark stel met opgewondenheid en in biddende afhanklikheid, die volgende twee poste aan gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid bekend.

1. **Leraar met fokus op die jeug.**
2. **Senior leraar**.

Gemeenteprofiel:
Ons gemeente is geleë in Rustenburg, Noordwes-Provinsie, ongeveer 110 km van Pretoria en 35 km van Pilanesberg. NG Proteapark is 'n gemeente wat saam kuier en streef daarna om water te wees wat lewe gee. Die bedieningsfokus van die gemeente lê by groepe, dissipelskap en geestelike groei van alle lidmate en nie-lidmate en verhoudings bou tot 'n gesonde geloofsgemeenskap.

Leraarsprofiel:
Enige gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat aan die vereistes voldoen, word uitgenooi om biddend aansoek te doen. Die volgende profiel dien as 'n riglyn vir voornemende aansoekers binne die konteks van Artikel 9 met die fokus op:

- **Prediking:** Iemand wat 'n suiwer gereformeerde teologie volg en dit entoesiasties en verstaanbaar oordra op 'n wyse wat die daaglikse uitdagings van lidmate aanspreek.
- **Tegnologie:** Entoesiasties en ervare is rondom die kreatiewe gebruik van vernuwende tegnologie en sosiale media as bedieningshulpmiddel.
- **Leefstyl:** 'n Passievolle en lewende verhouding met God.
- **Visie:** Iemand wat vernuwend en toekomsgerig die kerkraad, lidmate en nie-lidmate kan inspireer om NG Proteapark se visie prakties te verwesenlik.
- **Betrokkenheid:** Betrokke sal wees by die operasionele dag-tot-dag bestuur van kerkaangeleenthede, insluitend personeelbestuur. (senior leraar).
- **Verhoudings:** Die opbou en handhawing van goeie verhoudings met 'n fyn aanvoeling vir die diverse behoeftes en strewes van die volledige spektrum van gemeentelede asook nie-gemeentelede en die groter gemeenskap van Rustenburg.
- **Bedieninge**: Fokus op die opbou van die gemeente, betrokkenheid in die gemeenskap en vernuwing van ons bedieninge, veral groepe as deel van Proteapark se visie.
- **Jeug bediening:** Fokus op die geestelike behoeftes van ons jeug en vernuwing van ons bestaande bediening wat kategese, kampe, jeugaksies, skole insluit. Implementering van 'n gesinsbediening in samewerking met die gemeente se jeugwerker.

'n Volledige CV kan per e-pos gestuur na: proteaparkberoep@gmail.com

Sluitingsdatum: 30 April 2024.

Diensaanvaarding: Verkieslik so spoedig moontlik (onderhandelbaar).

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

NG GEMEENTE PRIESKA

VAKATURE: MEDELERAAR

(VOLTYDSE ONBEPAALDE TERMYNPOS)

Prieska: ***God se fontein waar almal welkom is.***

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die pos aan gelegitimeerde leraars met volle ampsbevoegdheid bekend.

GEMEENTEPROFIEL:
Die volgende is vir NG Gemeente Prieska uiters belangrik:

- Ons gereformeerde belydenis, tradisie en spiritualiteit.
- Geloofsonderskeidende leierskap wat moeite doen om die wil van God te soek en te gehoorsaam.
- Ons wil 'n liefdesgemeenskap wees (verhoudingsgerig) wat in die samelewing en breër gemeenskap 'n verskil maak.
- Ons wil 'n inklusiewe gemeenskap wees wat almal wat die evangelie van Jesus Christus wil hoor, ongeag wie hulle is, met ope arms verwelkom en ontvang.
- NG Prieska bestaan uit vier streke en drie preekpunte. Prieska bestaan uit 'n Bergstreek, Rivierstreek, Marydale- en Niekerkshoop-streek.
- Prieska is 'n groeiende plattelandse gemeenskap met 'n goeie funksionele laer- en hoërskool asook goeie mediese fasaliteite.

LERAARPROFIEL:

- 'n Persoon wat na aan die Here leef.
- 'n Skrifgetroue prediker.
- 'n Persoon wat ons gereformeerde belydenis liefhet.
- 'n Persoon wat ons gemeentelede en almal in ons breër gemeenskap sal liefhê.
- 'n Persoon wat al ons gemeentewaardes met ons deel en ons sal help om te word, wat ons glo ons moet wees, maar nog nie is nie.
- 'n Persoon wat in spanverband kan en wil saamwerk.
- 'n Persoon wat intensioneel en doelgerig sal bou aan verhoudings deur middel van doelgerigte huisbesoek en wyksbyeenkomste.
- Verkieslik 'n leraar jonger as 50 jaar.
- Om aktief meer jongmense by kerkbywoning en gemeente-aktiwiteite te betrek, beroep ons graag iemand wat passievol is oor die inspirasie van ons jeug.
- Die leraar sal verantwoordelik wees vir al die bedienings pligte soos uiteengesit in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDING:
Ons wil jou materieel versorg met 'n pakket wat aan die sinodale riglyne voldoen. Die vergoedingspakket is onderhandelbaar met die sinodale skaal en ander voordele en riglyne as basis. Die gemeente beskik nie meer oor pastorieë nie, daarom word 'n behuisingstoelaag voorsien (standplaas Prieska).

AANSOEKE:

- Alle aansoeke moet vergesel word van 'n volledige CV (maksimum drie bladsye), sowel as die name van drie referente met kontakbesonderhede. Stuur asseblief ook 'n gesinsfoto saam. Gee u MBTI-profiel of 'n soortgelyke persoonlikheidsprofiel.
- Die aansoeke moet aan **skriba@ngkprieska.co.za** gestuur word.
- **SLUITINGSDATUM vir aansoeke: 31 Mei 2024.**
- Kandidate moet vir 'n onderhoud beskikbaar wees. Dit sal wenslik wees indien die eggenoot/eggenote deel van die gesprek kan wees.
- Indien u vrae het kontak ds Frikkie van Heerden (079 898 2101) of die voorsitter van die kerkraad oudl Danie Swart (083 297 8356).

Die kerkraad behou die reg voor om nie net uit die aansoeke te beroep of enigsins 'n aanstelling te maak nie

Pelgrimstog van Hoop se nuwe roete van Mosselbaai tot Kaap Agulhas

Nuwe staproete is ‘slegs vir almal’

Oor sand en rots. Deur gasvrye huis en haard … ’n Dekade ná die eerste stappers in die pad geval het, is die Pelgrimstog van Hoop ’n netwerk van roetes wat ’n onlangse groep pelgrims gevind het jou tot ’n antwoord of twee kan lei. Of ten minste tot by nuwe vrae. Le Roux Schoeman berig.

Foto's: Le Roux Schoeman

Die rooi en wit patroon geverf teen die vuurtoring by Ystervarkpunt lyk vir hom “soos ’n barber shop cone”, sê Ethan le Fleur terwyl hy drie dominees en twee joernaliste begelei teen die 95 trappies op na waar die lig snags kloksgewys ’n barshou swiep om skepe tot so ver as 24 seemyl weg te laat verstaan: hier lê kus!

Le Fleur is ’n gids by Gourikwa, ’n natuurreservaat tussen Gouritsmond en Stilbaai. Van fynbos, kleinwild en vuurtoringgloeilamp-meganika kan jy dié 24-jarige min vertel. Maar die kollig val nie dié slag op die jong bewaarder of selfs sy vyf rugsakbelaaide gaste by dié vuurtoring-uitkykpunt nie. Die kollig val op ’n nuwe roete van ’n dekade-oue staproetenetwerk: Die Pelgrimstog van Hoop se Ligtoring-roete, van Mosselbaai se St Blaize-vuurtoring tot dié by Kaap Agulhas, die mees suidelike punt van die vasteland.

Dit is ’n bielie van ’n roete. Maar, op een of ander manier, ’n *gentle* bielie, soos van die vroeë verkenner-stappers oor die eerste paar dae van die roete getuig en soos die touleier van die roete, dr Gerrie van Deventer, vertel. Ystervarkpunt rys uit op Dag 5 van die roete wat altesaam sowat 337 km tot by Agulhas strek, volgens Van Deventer. “Fiksheid help ’n bietjie … Dit is ’n effe uitdagende roete want jy stap langs die see, maar hier is ouens wat saamstap wat glad nie geoefen is nie, maar hulle doen die ding,” sê Van Deventer met yl-bedekte verwysing na die imposante figure van Carel van der Merwe en Johan Nieuwenhuizen wat soos ’n slotpaar die meeste van die roete sy aan sy stap. En wel in die woorde van Nieuwenhuizen: “100% onvoorbereid”. Waar Van Deventer, ’n afgetrede NG predikant van Mosselbaai, ’n ratse stapveteraan is, is Van der Merwe en Nieuwenhuizen meer soos neofiete van die pelgrimsgier wat Suid-Afrika behoorlik beetgepak het.

Om nuwe vrae te vind

Die joernalis en skrywer Erns Grundling het sedert sy boek oor die Camino in Spanje as iets van ’n plaaslike Pelgrim-preneur ontpop en via *Elders*, ’n reeks op kykNET, daarin geslaag om staptogte ’n gewilde iets vir beide stappers en sofapokkels te maak. Hy’t saam met die dominees gestap om voorbrand te maak, te verspied en stories uit te snuffel, want later vanjaar bring hy ’n kameraspan saam met hom en hy hoop sy nuwe *Elders*-reeks oor presies hierdie roete sal in Januarie volgende jaar op televisieskerms te siene wees. “Ek dink daar is ’n opbloei in pelgrimstogte en staptogte soos daar in die negentigs met kunstefeeste was,” sê Grundling so tussendeur die stap aan *Kerkbode*, wat self so 100 km saamgestap het. “En dit is nie ongewoon dat elke tweede roete wat elke derde week gebore word ook ’n camino genoem word nie … en daaroor kan ’n mens ook interessante gesprekke en selfs debatte hê, maar ek dink dit sluit definitief aan by die tydsgees waarin baie mense hulleself bevind. Ek dink die terapeutiese waarde van stap, die impak op liggaam en gees, tesame met ’n groter bewustheid van *mindfullness* en natuurlik ook die digitale aanslag van ons toestelle, fone en alles het die omgewing geskep vir iets soos die pelgrimstog om te gedy,” meen Grundling, wat weliswaar op sy gelukkigste lyk wanneer sy *buff* om die nek sit, sy rooi staphoed sy ore elk so ’n hoflike buiginkie vooroor laat maak en sy swart Salomons teen ’n tempo wegtrek wat hom gou klein teen die einder maak.

Dr Gerrie van Deventer by Ystervarkpunt.

Hy dink ook die tradisie van pelgrimstogte sluit aan by ’n veel ouer (geloofs)tradisie, waar ’n mens iets meer oor jouself leer, dalk ’n bietjie heling vind en dalk sommer net ’n klomp nuwe vrae vind. “Jy kan soms wegstap van ’n pelgrimstog met ’n hele stel nuwe vrae, wat jou lank kan besig hou.”

“Wees net daar vir my”

Van hierdie soort binnewerk, hoor ’n mens baie by die medestappers, mits jy uitvra. Carel van der Merwe

vertel: “Deur my lewe het ek keuses gemaak. Soms reg, soms verkeerd. Hierdie Lydenstyd het ek ook keuses gemaak. Ek stap vir my Here. Ek stap met plakkies en ek stap kaalvoet. Ek sukkel en ek kry swaar, ek is oorgewig, onfiks, ek het moontlik ’n ligament in my skouer geskeur en dit veroorsaak saam met my seer voete en spiere dat ek konstant bewus is van die pyn. Ek stap vir myself … vir die natuur, die pyn, die stiltye op die roete, die opdraendes. Die ongemak van ’n te klein bed in ’n te klein HOP-huisie (een van die oorbly-opsies op die Stilbaai-aand) het my so bewus gemaak van al die seën in my lewe, van my bevoorregte lewe, van my roeping, van my liefde vir die gemeente, gemeenskap, my gesin, myself en hoe lief Hy my het.”

Van der Merwe (53) is sedert 2019 voltyds in die bediening op Worcester. Dit was met ’n ompad. Hy was eers sowat 30 jaar in die landbou. Die fris diensleraar het eers senior poste by vooraanstaande melkerye beklee. “Dit is ’n bedrywige lewe. Hard op die gesin. Lang ure. Skofte. Ons het so 60 000 liter per dag gemelk. So 44,4 liter gemiddeld oor ’n stal van … as ek nou reg onthou, so 1 200, 1 300 (koeie).” Nou is hy hier op die pelgrimspad met plakkies en ’n paar van daai blou PT-broekies wat ’n ou deesdae minder sien. En ’n kommerwekkende rooi nek wat kwaai son vang soos ons stap van die vuurtoring in die rigting van ’n klomp melkhoutbome op ’n boer se plaas – met meer as 25 km se pad tussen ons en die bestemming op die langste stapdag.

“Met die toevoeging van die diensleraarbaan in die NG bedieningstruktuur begin Van der Merwe in 2020 met voltydse teologiese studies aan Hugenote Kollege terwyl hy as pastorale hulp by Worcester Moedergemeente werksaam is,” het Kerkbode in 2023 via die “Proponente-bylaag” oor Van der Merwe berig. Die berig lui: “In 2022 behaal hy die graad BTh. Carel is opgewonde oor die diakonale versorging van die kerk en is sedert 2010 as mentor en prediker betrokke by die Toevlug Rehabilitasiesentrum. Hy is in 2017 verkies as voorsitter van die CAD (Christelike Afhanklikheidsdiens) se Worcester-tak en later ook as ondervoorsitter van CAD Wes-Kaap. Hy is ook betrokke by die Pionierskool vir siggestremdes, Innovation for the Blind, Langerugskool vir leerders met leerhindernisse, “More-Than Homelessness” asook Worcester House of Hope vir mishandelde vroue en kinders. Onder die “More-Than”-vaandel het hy die gemeente deel gemaak van ’n middedorpbediening onder haweloses.”

Oor sy ervaring tydens die pelgrimspad sê Van der Merwe aan *Kerkbode* in ’n kort WhatsApp-boodskap: “Ek is met my hele wese oortuig dat die Here my op hierdie tydstip van my lewe en bediening hier geplaas het. Ek stap vir my oudste seun, hy het Asperger-sindroom. Hy is vandag 21. Hy is in sy lewe al soveel keer deur die wêreld verwerp, maar hy gee nooit moed op nie. Op die vraag wat hy vir sy verjaarsdag wil hê, antwoord hy my (onlangs per WhatsApp): “Ek het eintlik niks meer nodig nie, Pappa moet net terugkom huis toe.”

Ds Johan Nieuwenhuizen by 'n rivierkruising.

Van der Merwe praat graag oor sy gesin en op paradoksale wyse bring hulle afwesigheid hulle nader soos die dae verbygaan. “Ek stap (ook) vir my jongste seun, hy word in Mei 14. Met Covid het ons, ons vietse, lewenslustige seuntjie sien transformeer as gevolg van angs en depressie. Ek vra gedurig, “hoe kan Pappa help?”, en die antwoord van die steeds skrander, maar nou oorgewig seun bly dieselfde: “Wees net daar vir my.”

Maar 32 kg geweeg by afsterwe

Johan Nieuwenhuizen is predikant by Worcester-Noord-gemeente. Hy is ’n lekker storieverteller wat hou van lag. Maar daar “was maar ’n klomp goed in die kop aan die gang en die alleenstap in stilte het dikwels baie beteken om ’n paar goedjies in plek te sit weer,” vertel hy.

“My pa was 47 toe hy oorlede is na sy 3de hartaanval. Ek het op 47 my eerste hartaanval gehad en het drie stents nou om al die are en dinge oop te hou en drink daagliks ’n hand vol pille om alles klopdisselboom te hou. Die stap het ek dan gedoen uit dankbaarheid vir nog ’n kans – vir lewe – en vir die voorreg om steeds hier te kan wees, pa vir my kinders en man vir my vrou.

Ek word September 50. So vir daai ekstra tyd en genade is ek bitter dankbaar en bevoorreg.

“My ma is op ouderdom 80 jaar verlede jaar oorlede. Sy het my alleen grootgemaak van ouderdom 5 en dinge het nie altyd maklik en eenvoudig gegaan nie. Sy was ook maar geteister deur gesondheidsuitdagings en is in my matriekjaar (1992) gediagnoseer met kanker.

Strawwe behandeling het voorgelê. Bestraling en chemo en dit het haar liggaam maar erg afgetakel. Dit was maar ’n rukkie weg en dan was daar weer iets anders terug. Sy is dan ook oorlede as gevolg van die nagevolge van slukderm-kanker en het maar 32 kg geweeg by afsterwe. Sy was die voorbidder en geloofsmodel in die huis en was altyd moedig en het geleef – die Here sal sorg … Hy sal voorsien. Maak nie saak hoe sleg of hoe moeilik dit gegaan het nie.”

Vir Nieuwenhuizen was die week se stap ’n groot mylpaal. “Die stap was vir lewe, vir nuwe geleenthede, nuwe vriende en oorwinning … Alles dinge wat ons in Christus ook kon beleef. Daarom was die instap in Jongensfontein op Palmsondag nogal vir my baie simbolies en spesiaal. Ek is só dankbaar vir die kerk wat sulke geleenthede aan ons as leraars beskikbaar stel en sal definitief vir ’n volgende een volgende jaar inskryf.”

Everil Daries is een van die gashere.

Fiksheid help ’n bietjie," skerts hoofstapper Gerrie van Deventer.

G’n predikantewandeling

Grundling lig sy rooi hoed vir Gerrie van Deventer en die komitee / span wat hom help om hierdie roetes uit te lê en die vele belanghebbers en medewerkers en veral gashere langs die roete te probeer oortuig, paai en met raad bedien oor hoe om pelgrims te ontvang.

Everil Daries is een van die gashere wat meer van ’n “homestay” gevoel aan die roete gee in haar huis op Melkhoutfontein, ’n nedersetting naby Stilbaai en ver van weelde. “Die eerste (gaste) was twee vrouens. Ek het dit nogal baie geniet met hulle. En jô, hulle het vreeslik geëet aan my kerriehoender,” het Daries vertel oor haar betrokkenheid by die Pelgrimstog van Hoop. “Vandag ek het nou al ses groepies gehad wat oorgeslaap het hier by my. Dit is lekker om kennis te maak met ander mense. Miskien eendag gaan hulle my ook nooi na hulle daar vir ’n naweek, mens weet nooit,”

Grundling hou van nature ’n oog op die groter prentjie. “Wie sou kon dink dat ’n paar NG predikante soveel baanbrekerswerk sou doen die afgelope paar jaar rondom pelgrimstogte en nuwe staproetes ontwikkel en dit ook fasiliteer. Die Pelgrimstog van Hoop is vanjaar tien jaar oud, want in Oktober 2014 het Frederick Marais en ’n paar kollegas die eerste roete gebaan van Robertson tot Kaap Agulhas. En op hierdie staptog het ons self ’n paar predikante wat dit as een van die opsies onder voortgesette opleiding vir predikante (’n gedeelte van) ook die pelgrimstog stap,” verduidelik Grundling oor Van der Merwe en sy slotmaat. Hy voeg by: “Ek dink nie die roete moet gesien word as net ’n predikantewandeling of selfs net ’n Christenwandeling nie. Want dit is oop vir almal wat ’n behoefte het aan stap wat wil konnnekteer met hulleself, die natuur en die omliggende gemeenskap. So, in Hennie Aucamp se woorde is die Pelgrimstog van Hoop “slegs vir almal.”

Leesstof vir Pinkster

Pinkster vertel ons weer die verhaal van God se Gees wat skep en heelmaak, wat lewe gee en groei laat opbloei, wat diep verandering bewerk en wysheid skenk.

R240

NUUT

Die heiligheid van hier

Die vyftig dae tussen Paassondag en Pinkstersondag is die ideale tyd om hierdie bundel essays te lees wat vanuit verskillende perspektiewe nadink oor God en godsdiens in die alledaagse.

R165

NUUT

Gedoop met die Gees van Christus

Beleef in die Gees die wonder van God-in-beweging. Die Gees van Christus werk in en deur ons as gelowiges om ons te vorm en ons lewe te vernuwe sodat ons aan Christus gelykvormig sal word. Ontdek in hierdie 8-weke-studie wat die Bybel vir ons oor die doop met die Heilige Gees sê.

R110

gee-vreugde

Stefanus en Paulus was vol van die Heilige Gees. Die vlamme van hulle geloof bly tot vandag toe brand as tydlose inspirasie vir ons. Mag jou geloof groei terwyl jy hierdie boek lees en mag jy al meer bewus word van die werk van die Gees in jou lewe.

R55

Drie maal God

Sedert Jesus se opstanding uit die dood en die uitstorting van die Heilige Gees, het die kerk God op drie spesifieke maniere begin aanbid, liefhê en dien: as God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees. Mag hierdie boek jou daarom help om in 'n dieper, ryker en voller verhouding met die drie-enige God te leef.

R130

Vind jou hoed

Gespreksgids

In hierdie 7-weke-ontdekkingsreis kyk ons na die kleurryke prentjie wat uiteenlopende gelowiges saam vorm. Elke gelowige dra 'n hoed van 'n spesifiek kleur, maar elke "kleur" is 'n geskenk aan die gemeenskap van gelowiges. Geniet dit om jou unieke gawe of gawes te ontdek en 'n bruikbare instrument in God se hand te word.

R70

Vind jou hoed

Leiersgids

Gelowiges dra hoede van allerhande kleure, maar elke "kleur" is 'n geskenk aan die gemeenskap van gelowiges. Hierdie gids vir gemeenteleiers en groepleiers sal hulle help om gelowiges te begelei op 'n ontdekkingstog om hulle spesifieke gawe of gawes te vind en dit te gebruik om ander in hulle geloof op te bou.

Bybel-Media

Direkte bestellings: **bestel@bmedia.co.za**
Telefoon: **021 864 8210** | WhatsApp-hulplyn: **079 881 2729**
E-aankope: **www.bybelmedia.org.za**



Gebalanseerde gids vir Bybelstudiegroepe

***Uittogpad* deur Jaco Thom**
Uitgewer: Bybel-Media, 2023
Resensent: Rethie van Niekerk

Dominees is byna konstant op soek na goeie materiaal vir Bybelstudiegroepe. Ons weet uit ervaring dat dit nie so maklik is om net vinnig 'n paar vrae uit te dink nie. Om vrae te bedink wat groepe sal help om by die kern van die teks uit te kom, terwyl hulle die teks met hulle lewe integreer én hulle lewe met mekaar deel, is beslis nie vinnig en maklik nie.

In *Uittogpad* bied Jaco Thom "'n Tien-weke-reis met God: Lesse uit Eksodus." Thom bied presies die tipe hulpmiddel wat Bybelstudiegroepe soek. Die patroon is nie die tipiese "lees die teks en beantwoord vrae daaroor" nie. Die Skriflesing en vrae is heeltyd met mekaar verweef. Thom bied 'n goeie balans tussen vrae en toeligting, sodat 'n mens nie voel dit is preke met 'n vraag of twee aangelas nie. Die vrae begelei die groepe om die teks goed te bedink, maar ook om die hedendaagse reis met God te oorweeg.

Die vrae is dikwels só geformuleer dat groeplede meer algemeen sal kan antwoord, eerder as dat dit persoonlike introspeksie of gesprek oor hulle eie lewe met God vra. Die groepleier sal moet wakker wees om seker te maak dat die gesprek nie fokus op hoe verkeerd ánder is nie, veral met vrae soos: "Gesels oor die 'vryheid in voorskrif' wat Christene vandag vir hulleself toelaat in hulle voorbereiding vir afsprake met en eer aan die Here" of "Noem voorbeelde hoe ons die doop minag."

Thom bied 'n sterk fokus op getuienis, roeping en sending, in goeie balans met die "na binne" deel van die geloof.

Uittogpad is 'n baie goeie opsie vir Bybelstudiegroepe om te oorweeg.

Beskikbaar by Bybel-Media.

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Kerk Driehoek in Vanderbijlpark.

224 bladsye van diep wysheid

***Stil-weg* deur Carel Anthonissen**
Uitgewer: CLF, 2024
Resensent: Rethie van Niekerk

Dit gebeur nie dikwels dat ek elke bladsy van 'n boek wil deel op sosiale media, of hoofstuk na hoofstuk dink "So-en-so moet hierdie lees", "Ek moet vir daardie persoon sê om die boek aan te skaf", nie. As ek gelukkig is, gebeur dit een maal per jaar.

Anthonissen se boek was reeds by die inhoudsopgawe dié boek – die een wat jy wil bêre, wil aanhaal, wil herkou en wil deel. Opskrifte soos: Om te leef in die skoot van God, 'n Kerk met sagte oë, 'n Lied om mee te sterf, Jou ma is veilig, sê reeds: hier gaan jy stilstaan. Rus.

Dit was einste Carel Anthonissen wat my as student in die 1990's aan die kontemplatiewe tradisie bekendgestel het. In Stil-weg bied hy 'n kort inleiding tot hierdie aspek van die Christelike geloof, asook 'n versameling van sy geestelike oordenkings oor die jare. Sy kenmerkend sagte, nederige wysheid slaan helder deur wanneer hy skryf oor stilte, God, Jesus, geloof, gemeenskap, gebed, die Bybel, liefde, geregtigheid, lyding en heling, ekologie, hoop, asook Taizé en geestelike begeleiding.

Hierdie "boekie", soos Anthonissen dit beskryf, is 224 bladsye van diep wysheid. Getrou aan die aard van die kontemplatiewe tradisie, is dit ook vol skoonheid, soos onder andere van Anthonissen se eie gedigte. Daar is selfs vir elke afdeling 'n klankbaan – musiek wat jy kan luister terwyl jy lees.

"As die boekie op 'n beskeie wyse daartoe kan bydra dat ons kennis tot wysheid, liefde en hoop sal verdiep omdat ons na Hom gedraai het wat Liefde is, sal dit my persoonlik groot vreugde verskaf," sê die skrywer. Vir my, die leser, was dit 'n verruklike voorreg om na bykans 30 jaar weer saam met "Oom Carel" stil te word.

Beskikbaar by Christelike Lektuurfonds.

Ds Rethie van Niekerk is predikant by die NG Kerk Driehoek in Vanderbijlpark.

'n Boek vir doeners wat uit genade, saam soek

***Vind God in die gewone* deur Tom Smith**
Uitgewer: Lux Verbi, 2024
Resensent: Schalk van Heerden

As jong Christen het Brother Lawrence se boek *Practicing the presence of God* my gehelp om te sien hoe God groter as Sondag, kerkgebou of Bybellees is. Selfs Coenie de Villiers se liedjie *Katedraal* val sag op my oor, omdat ek self glo dat ons Vader wat "in die hemele is", oral om ons is. My werk is nie om te bid vir sy teenwoordigheid nie, maar om te bid dat ek dit leer raaksien.

Hiermee help my vriend Tom Smith my. Ek ken vir Smith al 28 jaar en om sy nuutste boek te lees, voel soos kuier met 'n pel wat stories vertel van dit wat saam beleef is. Hy skryf onbeskaamd in die eerste persoon oor ritmes, gewoontes en praktyke wat hom (en ons) aan God vasbind.

Sou ek moes kies tussen heilig wees en relevant wees kies ek heilig wees, want langtermyn is dit ook meer relevant. Hierdie gids is geskryf vir almal, maar veral leiers sal baat vind, omdat die gewone gewoontes 'n kalm integriteit kweek, iets wat 'n stryende kerk broodnodig het.

Ons lees hierdie boek nie vir verstaan nie, maar vir na-aap. Lees, doen, lees, eksperimenteer, lees, vertel en so gaan dit voort.

Smith se fokus op die alledaagse is gelyktydig nederig en ambisieus. Hoe ek en jy ons "elke dag" leef, is hoe ons ons lewe leef. Om saam met die skrywer te wandel bring so "transcended particular" wat behulpsaam en vertroostend is. Hy skryf oor rus en die boek het vir my rus gebring. Hy skryf oor eet en die boek het my vol gemaak. Hy skryf oor bad en die boek het my skoon gemaak. Diegene wat 'n slimkop-boek soek om aanhalings rond te gooi kan dit sekerlik hier vind, maar uiteindelik het ons te make met 'n klassieke doenboek, 'n boek vir doeners wat uit genade, saam soek en enige prys sal betaal om iets meer van Die Prys te sien en proe.

Beskikbaar by Bybel-Media.

Ds Schalk van Heerden is predikant by Fontainebleau Gemeenskapskerk en voorsitter van Betereinders.

Dominee-wees: Tussen die Groot Misterieuse Iets en ’n ontluisterde wêreld

CAS WEPENER

In Elizabeth Strout se roman *Abide with me* kuier Tyler, ’n Gereformeerde dominee, by sy eertydse Homiletiek-dosent, George. In die verloop van die gesprek sê Tyler oor sy werk as predikant: “It’s a very hard job, George. Good Lord, it is a hard job.” Hierop antwoord George droogweg: “Why do you think I teach?”

Eens op ’n tyd was ek ’n dominee, maar nou doseer ek Homiletiek. En my belewenis van dominee-wees was ’n bietjie soos om ’n tiener te wees. Mense verstaan jou nie. Hulle verstaan nie wie jy veronderstel is om te wees en wat jy veronderstel is om te doen nie. Jy is so ’n bietjie binne, maar merendeels buite. Wanneer jy dink jy is “in”, soos my kinders sal sê, dan is jy “uit”, en wanneer jy “uit” is, wel, vreemd genoeg, is jy dan as dominee eintlik “in”. My belewenis van dominee-wees was vergelykbaar met dié van ’n tiener, maar ook dié van ’n ouer van tieners, want indien jy probeer “in” wees by jou tienerkinders en dié se maats, is jy definitief “uit”. En jy kan nie regtig by hulle probeer “uit” wees nie, dit kom sommer vanself. Soos met dominee-skap.

’n X is vir my ’n bruikbare beeld om iets van dominee-wees mee te beskryf. Maar ’n spesifieke X, naamlik ’n chiasme, ook genoem ’n kruisstelling. ’n Chiasme is ’n stylfiguur wat wys hoe dieselfde stelling op ’n omgekeerde wyse herhaal word. ’n Stelling word gemaak en daarna word die stelling in ’n teenoorgestelde orde herhaal wat ’n spieëleffek bied. Byvoorbeeld: “dominees is *weird* / *weird* is dominees”. Die vreemde woord chiasme is afgelei van die Griekse letter “chi” wat as hoofletter as ’n X geskryf word en die chiasme word dikwels aangedui as ABXBA. En daar is baie chiasmes in Bybeltekste (alle dominees het eens op ’n tyd in ’n Griekse klas gesit en chiasmes geïdentifiseer en vertaal). Byvoorbeeld: “Wie homself verhef, sal verneder word / wie homself verneder, sal verhef word” of “Die Sabbat is gemaak vir die mens, en nie die mens vir die Sabbat nie”.

’n Dominee is nie net soos ’n chiasme, soos daardie X nie, ’n dominee is daardie X, daardie kruisstelling. Maar die hele dominee, haar lyf – vel en hart en begeertes en verstand en emosies, dus *boots and all*. Die filosowe beweer dat ’n mens se vel soos ’n chiasme tussen jou en die wêreld is, want met jou vel vat jy aan die wêreld en deur dieselfde vel, vat die wêreld aan jou. Vel kan ons uitbrei na lyf en na wese. Die dominee se lyf, haar hele wese, is die chiasme. En daai dominee-lyf, dit is deur daardie lyf wat die wêreld aan haar vat en sy aan die wêreld vat. Deur Dominee X sypel alles en almal en deur daardie einste lyf sypel dit wat sy vir die mense wat wag vir ’n woord of ’n besoek of ’n mening ook bring. Wie die mense rondom Dominee X is, hulle lewe, hulle opwinding en hartseer, dit kruip onder Dominee X se vel in wat dit aan en in haar lyf voel, en dit is met daardie lyf wat sy ook na God draai. Daardie vier strepies wat vanaf die X se middelpunt waar die lyne kruis uitgaan, is soos vier voelspriete op ’n insek wat vanuit die kruispunt vat en tegelykertyd ook deur koue en hitte en wind en reën aan gevat word. En terwyl dominee X leef tussen mense in die Vrystaat, hou sy rekening met die Groot Vry-Staat; tussen die mense van die Boland, is haar voelspriete deeglik bewus van die Groot Bo-land.

Dominees is oral in ons midde – chiasmes tussen hemel en aarde; tussen hulle eie velle en die velle van ander; tussen die Groot Misterieuse Iets en ’n ontluisterde wêreld; tussen antieke tekste en die hedendaagse konteks; tussen glo en twyfel; tussen ’n kwalitatiewe beroep en ’n kwantifiserende samelewing; tussen ’n amptelike pligstaat en die nood van die wêreld.

Soos Tyler tereg opgemerk het: “It’s a very hard job, George. Good Lord, it is a hard job.”

Prof Cas Wepener doseer Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch.

John de Gruchy: ’n Merkwaardige verhaal

Die teoloog John de Gruchy het op sy 85ste verjaardag op 18 Maart gesels met **Deon Kitching** en **Rian Venter** by die Volmoedsentrum in die Hemel-en-Aardevallei (naby Hermanus). Hulle vertel meer oor hierdie ontmoeting.

Skoonheid. Om voor John de Gruchy se huis by die Volmoedsentrum te staan en oor die aangrypende Hemel-en-Aardevallei uit te kyk, is om sterk emosies te beleef. Dit is ’n merkwaardige omgewing net buite Hermanus. Ons kort gesprek met hierdie teoloog op sy 85ste verjaarsdag was ’n onverwagse reis wat ’n ervaring van die estetiese net verdiep.

Nuwe outobiografie

John begin ons gesprek deur te vertel dat hy die oggend begin werk het aan ’n opvolgvolume van sy bestaande outobiografie, *I have come a long way*, wat tien jaar gelede voltooi is. Sedertdien het soveel gebeur in die lewe van hierdie voormalige professor van die Universiteit van Kaapstad. Oor baie jare het hy internasionale bekendheid en erkenning verwerf met ’n indrukwekkende aantal teologiese publikasies. Hy begin praat oor hoe hy homself sal beskryf as teoloog. Nee, hy is nie ’n sistematikus of historikus nie. Hy sien homself as “apologeet”; iemand wat in die styl van die Vroeë Kerk se tradisie die Christelike geloof in gesprek met ’n groter omgewing bring. Onwillekeurig dink ’n mens aan sy onlangse versameling opstelle, *Faith facing reality* (2022), wat juis uitdrukking hieraan gee wanneer hy, onder andere, skryf oor koloniale rassisme en siellose tegnologie.

Vrae verkies bo antwoorde

Terwyl hy gesels oor sy selfverstaan, waag ’n mens ’n vraag oor sy fokus op die Duitse teoloog Bonhoeffer in sy teologie. Die antwoord kom maklik en verrassend. Hy praat nie oor Bonhoeffer se weerstand teen Nazisme nie; hy stuur die gesprek in ’n ander rigting. Bonhoeffer het ons geleer om eerder vrae oop te maak as om finale antwoorde te gee. Een van John se interessante boeke, wat onlangs die lig gesien het, handel dan ook juis hieroor – *Bonhoeffer’s questions* (2019).

Hierdie openheid wat ’n teologie moet vertoon, lei die gesprek na sy Calvinistiese kerklike wortels as

iemand wat opgegroei het as Kongregasionalis. Hy het waardering vir die gereformeerde invloed, en het ook wyd daaroor geskryf. ’n Mens dink aan sy bekende *Liberating Reformed Theology* (1991) en sy studie oor Calvyn (2009). Maar hy is bekommerd dat hierdie tradisie begin stop het by die eerste deel van die spreuk Ecclesia reformata semper reformanda en iets van ’n dinamiese vernuwing weerstaan. Hy verwys ook na die gereformeede aksent dat God deur Woord én Gees werk. Ons moet fyner luister na wat die Gees ons meedeel. Soos telkens in die gesprek, verwys John na die Boek Openbaring waarin hierdie aksent helder uitstaan.

Intenser apokaliptiese moment

Ons gesprek beweeg na ons huidige sosiale landskap. Wanneer ’n mens terugkyk na die titels van sommige van sy boeke – *Apartheid is a heresy* (1983), *Christianity and democracy* (1995), *Reconciliation* (2002) – begin ’n mens waardering kry vir sy selfverstaan as apologeet. Sy verwerking van die uitdagings van ’n bepaalde moment vanuit die Christelike geloof is bykans sonder gelyke in die Suid-Afrikaanse teologiese konteks. In sy 2017-studie – *The end is not yet: Standing firm in apocalyptic time* – begin ’n bepaalde dringendheid na vore kom. Wanneer ons praat oor die gebeure in Gaza, maak hy gewag van ’n intensifisering van sy vroeëre aanvoeling van die apokaliptiese. Weereens word na die Openbaringboek bewys. Hy beklemtoon dat ons by die regte plek moet begin as ons oor hoop wil praat – by die gekruisigde God. Soos telkens in die gesprek, is daar verrassings. John begin uitwei oor gemeenskapvorming in tye van krisis.

Geïntegreerde lewe

Dit is opvallend hoe hy telkens ’n historiese antenna vertoon in sy vertellinge. Hy neem die gesprek terug na Augustinus en Benediktus in die 5e en 6e eeue en die oprigting van kloosters in krisistye. Die insig is helder vir John: Skep Christen-gemeenskappe in

> **Vervolg op bl 15**

> Vervolg van bl 14

krisistye! Dit is die les wat ons in die geskiedenis leer.

Dit sny onvermydelik by die verhaal van Volmoed aan wat opgerig is as plek van heling en versoening in die apartheidera. Dit het ontwikkel met die jare in veel meer as net ’n “plek”. Dit is ’n gemeenskap. John en sy vrou Isobel, ’n kunstenaar, woon al meer as 20 jaar op die terrein. ’n Groep Benediktynse monnike het hulle ook hier gevestig. ’n Merkwaardige verhaal van ’n geïntegreerde lewe kristalliseer. Weekliks op Donderdae is daar op Volmoed ’n ekumeniese aanbiddingsgeleentheid vir die breër gemeenskap, ook jeugopleidingsprogramme word aangebied, asook gereelde akademiese geleenthede wat gereël word met vooraanstaande internasionale teoloë. Die verbinding van aanbidding, ’n profetiese stem vir geregtigheid, die viering van artistieke kreatiwiteit, intellektuele aktiwiteit en ekumeniese gemeenskap word hier ’n werklikheid. John is van mening dat sy hele bediening en loopbaan net ’n voorbereiding was vir sy lewe op Volmoed.

Christus neem vorm aan in gemeenskap

Hy moes eintlik lank gelede reeds afgetree het, maar sy lewe het ’n ander rigting ingeslaan. In die gesprek tree die aanwesigheid van ’n diep persoonlike pyn telkens na vore: die dood van sy seun Steve tydens ’n swemongeluk in 2010. Wat doen pyn en verlies aan ’n mens? John vertel hoe hy na Steve se dood een dag in die berg agter sy huis gestap het, en tot die oortuiging gekom het dat hy moet aangaan. Die afwys van aftrede sou sy antwoord wees aan Steve; hy moet aangaan.

Waarmee wil John geassosieer word? Hy verwys nie na sy stryd teen apartheid, sy internasionale erkenning as Bonhoeffer-geleerde, of sy skryfwerk (soos een titel sê *A life in writing* van 2014) nie. Hy praat weer oor Christus wat gestalte kry in gemeenskap, en hoe ’n mens dit moet bevorder. Dit is klaarblyklik waar hy homself plaas. En dan maak hy gewag van ’n artikel wat hy so pas voltooi het oor Christus in die ruïnes en die moontlikheid van ’n estetiese lewe in ’n tyd van oorlog.

Wanneer ’n mens die steil trappe afwaag by sy huis, kan jy weereens nie die opwelling van die ervaring van skoonheid ontsnap nie. Nie net die omgewing is aangrypend mooi nie; by John de Gruchy ontmoet ’n mens ’n lewe met ’n opvallende aantreklikheid.

Deon Kitching was lank verbonde aan die Hugenote Kollege. Rian Venter is ’n emeritusprofessor in Dogmatiek en sy vriend van skooldae. Hulle woon beide in Onrusrivier naby Hermanus en onderneem van tyd tot tyd kreatiewe skryfprojekte.

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

BEROEP
Ds A (André) Botha van Naboomspruit na Bethlehem-Oos; ds JH (Jan) Coetzer van Vaalwater na Oos-Londen; prop W (Wynand) Eloff na Warmbad-Wes; ds RG (Rudi) Janse van Vuuren van Prieska na Citrusdal; prop (dr) Nienke Kemm na Augrabies; prop JN (Jean) Pelser as diensleraar na Fontainebleau; prop ML (Marisa) Pienaar na Vanwyksvlei; ds GJ (Gerrit) Strydom van Reitz na Nylstroom-Oos; ds D (Danell) Swanepoel van Jacobsdal na Redelinghuys; ds N-A (Natalie) van Blerk van Mootvallei na Waverley; prop SM (Stephanie) Vermaak na Kathu.
AANVAAR
Ds PRB (Phil) Gräbe van Quellerina na Drakenstein; prop W (Wynand) Eloff na Warmbad-Wes; prop ML (Marisa) Pienaar na Vanwyksvlei; prop WH (Henri) Pretorius as diensleraar na Weltevreden; prop (dr) PE (Piet) Streicher as diensleraar na Sonnekus; prop CC (Chris) van der Merwe na Hopefield; prop JM (Mattheus) Vorster na Trompsburg.

WES-KAAPLAND

BEROEP
NG Gemeente Citrusdal het op 25 Februarie ds Rudi Janse van Vuuren van NG Gemeente Prieska beroep. (Marica Mouton, skriba: Citrusdal, 18.03.2024).
Die NG Gemeente Redelinghuys het Woensdag 10 April tydens ’n spesiale kerkraadsvergadering besluit om ds Danell Swanepoel van Jacobsdal te beroep. (Ronèl Wilken, skriba: NG Gemeente Redelinghuys, 15.04.2024).
BEVESTIGING
Op die kerkraadsvergadering van 21 Oktober 2023 is daar besluit om dr Piet Emilius Streicher aan te stel as tentmaker by Sonnekus-gemeente. Sy intreepreek vind plaas op Sondag 21 April 2024. (Carika Brand, sekretaresse, 27.03.2024).
Ds Philippus Rudolf Botha Gräbe van Quellerina-gemeente aan die Wes-Rand het die beroep na Drakenstein in die Paarl aangeneem. Hy word DV op 5 Mei 2024 deur ds Bernard Malherbe in die gemeente bevestig. By die geleentheid sal hy ook sy intreepreek lewer. (Lucy-Ann Fourie, Skriba: Drakenstein, 11.04.2024).
Prop CC (Chris) van der Merwe is met handoplegging op 7 April 2024 by die NG Kerk Hopefield bevestig deur die konsulent dr HJ Prinsloo van NG Kerk Koringberg wat ook die Ring van Piketberg verteenwoordig het. Dit volg na prop Van der Merwe op 19 Februarie tydens die beroepingsvergadering vir ’n vastetermynpos beroep is. Hy het die beroep op 30 Maart aanvaar. (Dr HJ Prinsloo, leraar: Koringberg, 16.04.2024).
RINGSITTING
Die gewone ringsitting van die Ring van George was op Sondag 14 April 2024 by NG Blanco-gemeente in George. (Dr AC Pieterse, skriba: Ring van George, 19.03.2024).
Die gewone ringsitting van die Ring van Stellenbosch het op 16 April 2024 in die Hofmeyrsaal van die NG Moederkerk Stellenbosch plaasgevind. (Ds E van der Westhuizen, skriba: Ring van Stellenbosch, 17.04.2024).

OOS-KAAPLAND

BEROEP
Ds Jan Coetzer is tydens ’n beroepingsvergadering van die kerkraad van NG Gemeente Oos-Londen, gehou op 18 Februarie 2024, beroep. (Ds NZ Bezuidenhout, Voorsitter: Kerkraad, Oos-Londen, 08.03.2024).

NOORD-KAAPLAND

BEROEP
Proponent Marisa Louise Pienaar is op 16 Maart 2024 as leraar na die NG Kerk Vanwyksvlei beroep (vastetermynpos). (Marius Maree, konsulent, 16.03.2024).
Die sentrale kerkraad van die NG Gemeente Kathu het op ’n beroepingsvergadering van 19 Maart 2024, vir prop Stephanie Vermaak as medeleraar van die gemeente beroep. (Ds JF van Heerden, ringskriba: NG Gemeente Kuruman, 04.04.2024).
Dr Nienke Kemm is beroep na NG Kerk Augrabies. (Ursula Hayes, admin, 10.04.2024).
BEVESTIGING
Proponent Marisa Pienaar het die beroep na Vanwyksvlei aanvaar. Sy word DV op 14 April 2024 om 09:30 in die gemeente ontvang en bevestig. By die geleentheid sal sy ook haar intreepreek lewer. Alle ringleraars en belangstellendes hartlik welkom. (Ds Marius Maree, konsulent, 27.03.2024).

KWAZULU-NATAL

EMERITAAT
Dr Lourens Gerhardus Schoeman, wat sedert November 1988 tot April 2024 sendeling vir Msinga in KZN was en verbonde aan NG Gemeente Ladysmith, emeriteer op 30 April. Die Ring van Ladysmith oorhandig sy Akte van Emeritaat op Sondag 28 April waartydens dr Schoeman ook die erediens in Ladysmith-gemeente sal waarneem. (Ds Gerhard de Lange, skriba: Ring van Ladysmith, 02.04.2024).
SINODESITTING
Die sewe en negentigste sinodevergadering van die NG Kerk in KZN sal plaasvind op 4-6 Junie 2024 by die Nederduitse Gereformeerde Kerk Hayfields te Pietermaritzburg. (Ds Pieter Grobler, skriba: NG Kerk in KZN, 13.03.2024).

VRYSTAAT

BEROEP
Ds André Botha van Naboomspruit is beroep na Bethlehem-Oos. (Alta Smit, sakebestuurder: NG Gemeente Bethlehem-Oos, 20.03.2024).
AANVAAR
Prop Johannes Mattheus Vorster het die beroep aanvaar na die NG Gemeente Trompsburg. (M Fourie, skriba, 05.04.2024).
AFSKEIDSPREEK
Dr Gerdrie van der Merwe, termynleraar en gemeenteseun van Trompsburg, lewer DV op Sondag 28 April 2024 sy afskeidspreek. Hy vestig hom op sy plaas Donkerpoort in die distrik en by Merwesrus, sy boekehuis op Reebok. (M Fourie, skriba, 08.04.2024).
BEVESTIGING
Die bevestiging met handoplegging van proponent Johannes Mattheus Vorster vind DV op Vrydag 3 Mei 2024 om 18:00 plaas in die NG Gemeente Trompsburg. Alle rings- en ander leraars word hartlik uitgenooi. Die rede word gelewer deur dr Gerdrie van der Merwe en Sondag 5 Mei 2024 lewer ds Mattheus Vorster sy intreepreek op Trompsburg. (M Fourie, skriba, 08.04.2024).

NOORDELIKE

BEROEP
Die NG Gemeente Warmbad-Wes het op Sondag 17 Maart 2024 vir prop Wynand Eloff van Pretoria-Oos beroep. (Lientjie Botha, saakgelastigde, 22.03.2024).
Ds Natalie-Ann van Blerk is beroep na NG Gemeente Waverley. (Dalene Myburgh, saakgelastigde/skriba: NG Waverley, 28.03.2024).
Op die buitengewone kerkraadsvergadering van 7 April 2024, is ds Gerrit Strydom van NG Reitz Moedergemeente, beroep as medeleraar na NG Nylstroom-Oos. (Deirdré Stoffberg, kantoorbestuurder, 08.04.2024).
AANVAAR
Proponent Wynand Eloff het die beroep na NG Gemeente Warmbad-Wes aanvaar. (Lientjie Botha, saakgelastigde, 10.04.2024).

HOËVELD

BEROEP
Fontainebleau Gemeenskapskerk (FGK) beroep proponent Jean Pelser as diensleraar vir die volgende ses maande. (Jean Pelser, kerkkantoor: FGK, 20.03.2024).
AANVAAR
Diensleraar Willem Hendrik (Henri) Pretorius het die beroep aanvaar by NG Weltevreden, Roodepoort in die Ring van Linden. Sy bevestiging as diensleraar, vind plaas op 21 April 2024 om 17:30 in die gemeente. (Saret Britz, gemeentebestuurder, 09.04.2024).

OOSTELIKE

BEDANK
Dr Jaco Putter het in Julie 2023 uit die NG Kerk bedank en is nie meer predikant by NG Witrivier nie. Ds Louwrens Scheepers was/is brugleraar by NG Witrivier. Die brugleraartermyn het verstryk, maar hy is gevra om tot Desember 2024 aan te bly. (Natasha Nel, skriba: Ring van Barberton, 15.04.2024).
EMERITAAT
Ds Johannes van der Merwe van NG Gemeente Alkmaar het op 29 Februarie 2024 geëmeriteer. Hy het weer ’n vastetermynpos van drie jaar aanvaar. (Natasha Nel, skriba: Ring van Barberton, 15.04.2024).
Ds Pieter Malherbe van NG Barberton het op 31 Maart 2024 geëmeriteer. Hy het ’n termynpos tot Desember 2024. (Natasha Nel, skriba: Ring van Barberton, 15.04.2024).
Ds JIF (Jim) de Villiers van NG Kerk Witbank-Klipkerk (Moedergemeente) emeriteer op 28 April 2024. By die geleentheid sal die Ring van Witbank sy akte van demissie by emeritaat oorhandig. Ds De Villiers bly egter aan in die gemeente met ’n vastetermynpos. (Ds Robert Meintjies, skriba: Ring van Witbank, 15.03.2024).
Hierby kennis van die emeritaat van dr Johan Hendrik Frederick Taute op 31 Maart 2024. Die akte van demissie by emeritaat is tydens die oggenddiens van 17 Maart 2024 by Lux Mundi oorhandig deur die voorsitter van die Ring van Pretoria-Faerie Glen. (Ds Marco la Grange, leraar: Eredienste & Jeug, 14.03.2024).

Teologiese navorsing: Bedieningsbehoefte by studentegemeentes

Studente dink anders oor die kerk

Studentelewe het drasties verander oor die afgelope paar jaar. Is gereformeerde studentegemeentes nog relevant? **Doret Niemandt** vind meer uit oor nuwe navorsing rondom drie bedieningsbehoeftes by Afrikaanssprekende universiteitstudente.

Die meeste van ons kyk met heimwee terug na ons studentedae. Daardie tyd van jou lewe toe jy gevoel het die wêreld lê aan jou voete – enige iets is moontlik, jy is onstuitbaar! Dit is die fase van jou lewe waar jy groot besluite oor jou toekoms moet neem, waar jy impulsief is en soms foute maak, en waar jy jouself ontdek. Hierdie fase is daarom 'n kritiese deel van jong gelowiges se vorming en dr Nienke Kemm het deur middel van empiriese navorsing ondersoek ingestel na hoe hulle deur studentegemeentes bedien en ondersteun kan word.

Die titel van haar navorsing lui: "Behoeftes van en bediening aan Afrikaanssprekende universiteitstudente in Suid-Afrika".

Studentelewe word baie keer beskou as 'n roekelose tyd met min verantwoordelikheid. Klasbywoning is meer 'n riglyn as 'n reël, om meer as 50% vir 'n vak te kry beteken jy het te veel geswot en Sondagaande kerk toe gaan is net om seker te maak jy ontmoet 'n goeie maat. Dit spottend gesê, Kemm se navorsing wys dat studentelidmate nie net deel is van gemeentes om 'n gepaste "trouvrou" te kry nie, maar dat hulle erns maak met hulle betrokkenheid en toegewyde lidmate is.

Hierdie jongmense het in die kerk grootgeword en dit is reeds deel van hulle mondering. In haar navorsing ondersoek Kemm dan die behoeftes van Afrikaanssprekende studentelidmate van die gereformeerde studentegemeentes in Suid-Afrika (Nederduitse Gereformeerde Kerk en Hervormde Kerk gemeentes by die Universiteit van Pretoria, Stellenbosch, Potchefstroom, Bloemfontein en Johannesburg).

Studentelewe het drasties verander oor die afgelope paar jaar en die vraag is dan of gereformeerde studentegemeentes nog relevant is in die manier hoe hierdie studente bedien word. Met Kemm se navorsing poog sy om leraars te help om hulle leefwêreld beter te verstaan en hoe om hierdie jong gelowiges te vorm en te bemagtig. Deur middel van vraelyste en onderhoude het sy drie bedieningsbehoeftes van Afrikaanssprekende universiteitstudente geïdentifiseer:


Dr Nienke Kemm

Geloofsvorming is vir hierdie studente 'n kernbehoefte. Hulle wil toegerus word sodat hulle die vaardighede het om hulle lewe in te rig in lyn met God se wil vir hulle lewe. Hierdie vormingsproses het reeds begin toe hulle gedoop is en as kinders deel geword het van gemeentes, maar dit is geensins afgehandel nie.

Geloofsvorming is 'n lewenslange proses van groei, ontdek en onderskei.

Mentorskap is die volgende bedieningsbehoefte van hierdie studente. Na matriek en die veiligheid van 'n ouerhuis, is die meeste studente skielik op hulle eie in 'n splinternuwe konteks. Dit is nie net die verantwoordelikhede van self kosmaak en eie wasgoed was nie, maar 'n unieke gemeenskap wat hulle omring. As studente deel jy 'n kampus, klaskamer en kommune of koshuis met mense wat anders as jy lyk en dink en glo, sê Kemm. Hoe lewe 'n mens as 'n gelowige in hierdie nuwe omgewing met al sy uitdagings? Studente, al is hulle tegnies volwassenes, soek leiding van iemand 'n bietjie ouer en wyser. Hulle soek die veiligheid van 'n vangnet – iemand na wie toe hulle kan draai wanneer hulle nie self weet hoe om te dink en glo nie. Studentegemeentes en leraars kan en moet 'n rol hierin speel.

Die derde bedieningsbehoefte van hierdie studente is 'n **gemeenskap van gelowiges** waarvan hulle kan deel wees. Hierdie studente soek 'n plek om te behoort, sê Kemm, 'n plek waar iemand jou naam ken. Dit is egter ook meer as dit, die behoefte is nie net aan diepgaande verhoudings en 'n tuiste nie, maar 'n gemeenskap waarbinne hulle kan groei en uitgedaag word. Hierdie jong gelowiges is op 'n plek in hulle lewe waar hulle dinge self wil ondersoek, daarop reflekteer en ontdek wie hulle is.

Hierdie behoeftes is in die verlede ook op ander plekke aangespreek. Die wegval van gevestigde koshuiskulture by baie van die universiteite, los egter 'n groot leemte, sê Kemm. 'n Leemte en moontlik 'n geleentheid vir studentegemeentes. Wanneer jou koshuis net studente-akkommodasie word, is daar 'n groter behoefte aan 'n ander plek om gevorm te word, gementor te word en te behoort.

Kemm noem wel dat hierdie geleentheid ook 'n uitdaging vir studentegemeentes en -leraars is. Die data toon dat studente en studenteleraars verskil oor die belang van hierdie behoeftes en dat hulle dit verskillend verstaan. Een groot verskil wat na vore gekom het, is die gedagtes rondom 'n multikulturele bediening en gemeenskap van gelowiges. Die studente is daagliks omring deur ander kulture – hulle draf saam klas, maar hulle kan nie saam kerk toe gaan nie. Taal is die grootste struikelblok wat dit aan betref, maar dit is nie onoorkombaar nie. Vir hierdie studente sal dit "normaal" wees om ook saam kerk toe te gaan. Geloofswaardes is die belangrikste maatstaf, nie mense se taal of kultuur nie, voel die studente. Dit blyk egter of leraars sukkel om hierdie kopskuif te maak.

Kemm voel dat die uitdaging nie in die konteks lê nie, in hoe universiteite verander het en vandag funksioneer nie, maar in hoe ons daaroor dink. Dit is tyd vir ernstige introspeksie.

Dr Doret Niemandt is predikant van die NG Gemeente Valleisig.
Dr Nienke Kemm is predikant van die NG Gemeente Augrabies.

Hierdie skrywe word aangebied in samewerking en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

NG KERK ORANJEMUND EN ROSH PINAH

VAKATURE: LERAAR

Oranjemund is in die suidwestelike hoekie van Namibië, waar die Oranjerivier uitmond in die see, oorkant Alexanderbaai, geleë. Rosh Pinah is 100 km oos van Oranjemund geleë en die twee gemeentes werk saam as een gemeente met twee bedieningspunte. Beide dorpe is totaal afhanklik van mynbou en die gemeente het in totaal sowat 150 belydende lidmate. Die gemeente is deel van die Suide Ring van Namibië.

Die gemeente betree 'n nuwe tydvak as gevolg van verskeie veranderinge in die kontekste van die onderskeie dorpe wat aanpassings in ons bedieningsbenadering noodsaak. Die gemeente het al baie kleiner geword en is, in samewerking met die Suide Ring, besig om 'n nuwe bedieningstrategie te ondersoek.

Die leierskap glo dat die gemeente 'n voltydse leraar kan bekostig. Die leraar moet leiding neem om die nuwe konteks te bepaal en te interpreteer vir die toekoms. Ons voorsien voorlopig 'n termynbepaalde pos met opdrag visioenering en ontwikkeling van 'n funksionele bedieningstruktuur. Ons benodig begeleiding met verhoudingsbou in pastorale versorging, gemeente-opleiding en -bemagtiging, en begeleiding met gemeenteroeping as 'n missionale gemeente in beide gemeenskappe.

Leraarsprofiel:
Ons bid dat die Here vir ons 'n toegewyde kind van Hom sal stuur wat geroepe is om ons op hierdie pad te kan lei en saam met die gemeente hierdie ontdekkingsreis wil betree.

Vergoeding:
Ons vertrou dat ons binne sinodale riglyne sal kan onderhandel. Die gemeente voorsien 'n ruim pastorie.

Aansoek:
Enige gelegitimeerde predikante van die Hervormde of NG Kerk wat geroepe voel om by die span aan te sluit, word genooi om hulle CV van maksimum drie bladsye en kontakbesonderhede van ten minste drie referente aan die onderstaande adresse te stuur.

Aansoeke sluit 20 Mei 2024.

Kandidate wat op die kortlys geplaas word, moet bereid wees om te kom kuier. Indien nodig, kan onderhoude ook deur middel van 'n Zoom-vergadering hanteer word.

Kontakbesonderhede:
Jack Wasserfall (voorsitter van die kerkraad) +264 81 127 1128.
Jack.Wasserfall@namdeb.com
Karin Grobler (leierouderling) +264 81 257 1068. karingrobler68@gmail.com
Kerkkantoor +264 81 1288 830.mailto: ngomd@iway.na
(Namibiese selfoonnommers kan per WhatApp of WhatsApp Call gekontak word).

Terug na die toekoms:

VGKSA op 30 jaar: Dié verjaardag is meer as ’n wekroep

JOHAN VAN DER MERWE

Die Verenigende Gereformeerde Kerk in Suidelike Afrika (VGKSA) het oor die naweek van 12-14 April haar dertigste verjaardag gevier.

Wat maak hierdie gebeurtenis belangrik vir die NG Kerk? Die antwoord lê in die geskiedenis van die VGKSA. Dit is ’n kerk wat diep wortels in die geskiedenis van die NG Kerk het. Die VGKSA het in 1994 ontstaan toe die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk (NG Kerk vir bruinmense wat in 1881 deur die NG Kerk gestig is) en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Afrika (NG Kerk vir swart mense wat in 1951 deur die NG Kerk gestig is), saamgesmelt het om ’n nuwe kerk te vorm.

Dit was nie net ’n nuwe kerk nie, maar die uitwissing van rasgrense in ’n deel van die NG Kerk. Die belangrikheid van hierdie gebeure vir die NG Kerk is in Oktober 1994 verder deur oudpresident Nelson Mandela onderstreep toe hy die NG Kerk tydens sy toespraak voor die Algemene Sinode uitgedaag het om daadwerklik te poog om met die VGKSA te verenig. Sedertdien het dertig jaar se water in die see geloop.

Terwyl daar verskeie gesprekke en vergaderings tussen die kerke die afgelope dertig jaar plaasgevind het, is min vordering gemaak. Een van die groot uitdagings is die Belydenis van Belhar. Terwyl dit vir die VGKSA ononderhandelbaar is, het die NG Kerk met ’n lang proses wat gemeentes en streeksinodes ingesluit het, besluit om nie die Belharbelydenis as belydenisskrif te aanvaar nie. Hierdie gebeure het eenheidsgesprekke in ’n doodloopstraat laat beland. Die groot vraag is wat nou en hoe nou?

Miskien lê die antwoord op hierdie vraag nie in vergaderings en sinodale besluite nie, maar wel op grondvlak in gemeentes. Dit is immers waar kerkwees gebeur. Dit is op gemeentevlak in dorp en voorstad waar broers en susters in Christus moet hande vat om ’n verskil in die samelewing te maak. In ’n land waar armoede, swak onderwys, geweld, korrupsie en werkloosheid endemies geraak het, kan die kerk dit gewoon nie langer bekostig om net op eie belange te fokus nie. Die wonderlike susksesverhale van handevat en saamwerk wat reeds bestaan moet harder en duideliker aan die groot klok gehang word – nie net in die binnekringe van die kerk nie, maar ook buite die kerk – sodat Suid-Afrika kan sien en glo en hoop en nadoen!

Miskien word die uitdaging wat Mandela in 1994 aan die NG Kerk gerig het, dan selfs belangriker as wat hyself besef het en die dertigste verjaardagviering van die VGKSA nog belangriker! Dan is dit meer as ’n wekroep tot groter eenheid. Dan word dit ’n boodskap van hoop aan ’n land wat tot op die randjie van wanhoop gestoot is.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is ’n voormalige aktuarius van die Algemene Sinode.

NG WORCESTER-OOS

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Sluitingsdatum: 12 Mei 2024.
Diensaanvaarding: 1 Oktober 2024.

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die pos aan gelegitimeerde leraars met volle ampsbevoegdheid bekend.

Gemeenteprofiel
- Worcester-Oos Gemeente is in die Breëriviervallei in die Wynlanddistrik geleë.
- Ons bedien ongeveer 830 lidmate (belydend: 657 en doop: 173) woonagtig in landelike- en dorpsgebied.
- Ons visie is: “Geseënd om te dien.”
- Ons wil graag ’n inklusiewe gemeenskapskerk wees wat verwelkomend is en prakties omgee vir mekaar en ons gemeenskap.
- Ons kuier graag saam en beywer ons vir geestelike groei.

Leraarsprofiel
- Iemand wat in ’n lewende verhoudng met die drie-enige God staan en wat mense kan begelei op ’n pad van geloofsverdieping.
- Opregte, geïntegreerde persoon met goeie menseverhoudings wat goed in ’n span kan saamwerk.
- Vereenselwig met die gemeente se visie in ’n multikulturele samelewing.
- Verkieslik met ten minste tien jaar bedieningservaring.
- Goeie vaardighede met jeug– en familiebediening.
- Veelsydig.
- Die vermoë om op innoverende en inspirerende wyse die gemeente mee te neem op ’n pad van groei.
- Die uitvoer van al die verantwoordelikhede van die amp van predikant, soos verwoord in Artikel 9 van die Kerkorde binne die bedieningsraamwerk van die gemeente.

Vergoeding: Volgens sinodale skaal. ’n Ruim pastorie word voorsien.

Aansoeke: Belangstellendes moet asseblief die volgende elektronies aan ons voorsien by ngkworcoos@gmail.com
- ’n CV (verkieslik nie langer as vier bladsye nie).
- Kontakbesonderhede van drie referente.
- ’n Selfoonvideo (nie langer as vyf minute nie) waarin (a) jy jouself voorstel en (b) jy motiveer waarom jy oortuig is dat jy die geskikte kandidaat vir die pos is.
- ’n Skakel na ’n onlangse preek van jou.

Deur die indiening van ’n CV gee kandidate toestemming dat die inligting soos vervat in hulle CV’s, onderworpe aan die terme en bepalings van die POPI-wetgewing (Protection of Personal Information Act), deur die NG Kerk Worcester-Oos vir kerklike doeleindes, asook vir die beroepsproses gebruik kan word.

Navrae kan gerig word aan die Voorsitter van die Pre-advies kommissie en DVK:
Ben de Wet, 082 787 9214. E-pos: ben@ddk.co.za

NG KERK RANT EN DAL PRISMA

VAKATURE: DEELTYDSE JEUGWERKER (TIENERBEDIENING)

Rant en Dal Prisma is ’n dinamiese voorstedelike gemeente in Krugersdorp, Gauteng wat tans deur twee voltydse leraars en ’n jeugwerker (verantwoordelik vir die kinderbediening) bedien word. Ons stel in biddende afhanklikheid bogenoemde vakature bekend.

Die persoon moet ’n hart hê vir tieners tussen die ouderdom van 13 en 18 jaar en moet bereid wees om hulle met ’n passie te bedien.
Die kandidaat sal nou met die leraars en jeugspan saamwerk. Hy/sy sal onder andere verantwoordelik wees vir die beplanning en bestuur van Sondae se programme vir die tieners, aanbiedings by plaaslike skole, kampe en nog meer.

Pligte
Die jeugwerker se hooffokus sal lê by die bediening aan Graad 7-12 jongmense saam met die mentors van hierdie grade.
Die jeugwerker se beplanning en administrasie moet deurgaans uitstaande wees, maar hy/sy sal hierin ondersteun en bygestaan word deur administratiewe personeel, die mentors en een van die voltydse leraars.
Die jeugwerker sal saam met die voltydse leraar, kerkraadslid en ander jeugwerker die jeugbedieningspan vorm wat verantwoordelik is vir die oorhoofse bestuur en uitvoering van jeugbediening. Die jeugwerker sal saam met die voltydse leraar verslag doen aan die kerkraad oor beplande en afgehandelde aksies, begrotings, besteding en hulpbronbehoeftes.

Die jeugwerker sal ook verantwoordelik wees vir die volgende:
- die jaarlikse jeugprogram, wat voorgelê word vir goedkeuring;
- die toerusting en opleiding van die mentors en ouers;
- die aankoop van gepaste materiaal;
- die opstel van die jaarlikse begroting vir die jeugbediening;
- die skryf van huisgeloofmateriaal in oorleg met die preektemas.

Profiel van die kandidaat
- ’n Passie vir die Here en die vestiging van sy koninkryk.
- ’n Passie vir bediening aan tieners en hul ouers.
- Toepaslike kwalifikasie en ondervinding (nie noodsaaklik, maar voordelig).
- Die nodige leierseienskappe om ’n span vrywilligers te bestuur.
- Energiek, gemotiveerd en ’n spanspeler.
- Kan onafhanklik werk.
- Nie ouer as 40 jaar nie.

Vergoeding: ’n Mededingende vergoedingspakket word aangebied.

Aansoeke
- Stuur ’n relevante CV na admin@prismakerk.co.za met ten minste drie referente.
- CV’s moet die kerkkantoor bereik teen **30 April 2024.**
- ’n Volledige posbeskrywing en vergoeding is op aanvraag beskikbaar.

Aanstellingsdatum: So gou as moontlik.

Navrae
Ds Adelle Swanepoel: 011 665 2017 | adelle@prismakerk.co.za
Ds Henning Rademeyer: 011 665 2017 | henning@prismakerk.co.za

Leef Blancogemeente

POSISIE BESKIKBAAR:

Musiekkoördineerder

Die geleentheid het ontstaan vir 'n passievolle, goed gekwalifiseerde persoon om die vakante pos van Musiekkoördineerder by ons te vul.

Inligting m.b.t. die posvereistes en – pligte is beskikbaar by die kerkkantoor

of Essie by sel 082 552 9218.

Sluitingsdatum: 28 April 2024

RSVB
ROODEPOORT SENTRUM VIR BEJAARDES

Centre Manager: Roodepoort

We're looking for a fully bilingual (Afr & Eng) centre manager who is methodical, logical and systematic. The applicant must be a team player, have excellent interpersonal skills and be self-motivated

Qualifications

- Certificate/Diploma in Financial management
- Degree/Diploma in Social work
- Computer Literate (MS Office)
- Overall knowledge on Old-age facilities, infrastructure management and finance
- 5-10 years of practical management at an Old-Age/Retirement facility
- Knowledge and experience in working with older people

CLOSING DATE: 29 MARCH 2024
Submit CV & supporting documents to:
mlindeque@gmail.com

NG BASILEIA-GEMEENTE, WITBANK

VAKATURE: MEDELERAARSPOS

In volle afhanklikheid van die Here bied die kerkraad van NG Basileia-gemeente (dolerend) 'n voltydse onbepaalde medeleraarspos aan gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid.

Posbeskrywing: Hierdie voltydse leraarspos bied die geleentheid aan 'n entoesiastiese leraar om 'n beduidende bydrae te lewer in die uitbou van God se koninkryk in 'n aktiewe, gasvrye, vernuwende en groeiende gemeente met 'n aktiewe kinder- en tienerbediening en sterk omgeebediening in die breër gemeenskap asook op ekumeniese gebied.

Gemeenteprofiel: Basileia-gemeente is 'n dolerende gemeente in die Oostelike Sinode van die NG Kerk en is geleë in Emalahleni (Witbank), Mpumalanga. Die gemeente bestaan uit 1 033 belydende en 323 dooplidmate en word deur twee voltydse leraars en verskeie bedienings bedien. Basileia-gemeente het 'n koninkryksvisie en die Groot Opdrag van Jesus om die Goeie Nuus met die wêreld te deel is ononderhandelbaar. Die jaarlikse begroting van die gemeente word deur lidmate se dankoffer voorsien en dit wat meer as genoeg is, word weggegee en bestee aan projekte soos die Heilige Gees ons lei. Vir Basileia-gemeente is die Bybel die enigste ware, onfeilbare en geïnspireerde Woord van God aan mense. Die gemeente het 'n vernuwende spiritualiteit en is nie eng tradisioneel nie. Ons visie "Ons leef Geesvervuld na Bo, Binne en Buite" is die maatstaf waaraan alles gemeet word. Die model van leierskap in die gemeente is dié van spanwerk, medeleraarskap en van 'n vaandeldraer.

Leraarspligte: Die algemene pligte van 'n voltydse leraar, soos omvat in Artikel 9 van die Kerkorde met spesifieke fokus op areas en bedienings soos deur die kerkraad verlang en ooreengekom word.

Leraarsprofiel: Basileia-gemeente het 'n behoefte aan 'n leraar (na gelang van die verandering in behoeftes van die gemeente, sal die aspekte van hierdie profiel ook kan verander):

- Wat 'n wedergebore kind van God is, 'n passie vir Jesus Christus as Here en Verlosser het en Geesvervuld onder die leiding van die Heilige Gees leef.
- Wat 'n gelegitimeerde leraar binne die NG kerk is met volle ampsbevoegdheid, 'n minimum van vyf jaar verwante ondervinding en wat 'n goeie verhouding en samewerking met 'n kollega hoog op die prys stel.
- Wat met 'n vernuwende spiritualiteit verbind is tot die opbou en uitbou van die gemeente en die koninkryk van God.
- Wat beskik oor leierseienskappe en bewese bestuursvaardighede op geestelike en maatskaplike gebied.
- Wat in staat is om leiding te neem by uitreike en pastorale berading binne en buite die gemeente.
- Wat beskik oor digitale-, sosiale- en ander kommunikasievaardighede om nie net bestaande eredienste en gemeente-aktiwiteite aan te vul nie, maar ook om uit te reik na nuwe soekende, kerklos en kerklose mense.
- Wat beskik oor die ondervinding om aan die hoof te staan of leiding te neem by die volgende projekte en bedieninge in die gemeente:
  - Die geestelike begeleiding en geloofsvorming van kinders en tieners tot met die jaarlikse uitreik en belydenisaflegging.
  - Betrokkenheid by kinderhuise in die gemeente.
  - Bediening van die naskoolse jeug tot Millenniums.
  - Geloofsvorming in gesinsverband.
  - Volhoubare instelling en ontwikkeling van klein- en dissipelskapgroepe.

Voornemende aansoekers word verwys na Basileia-gemeente se werksaamhede en besonderhede op die webwerf: www.bgkerk.co.za

Vergoeding: Volgens sinodale riglyne en skaal. 'n Pastorie word voorsien.

Diensaanvaarding: Die aanvangsdatum van die pos is DV 1 Oktober 2024. Na gelang van 'n leraar se familieverpligtinge kan aanpassings aan die aanvangsdatum onderhandel word.

Aansoekprosedure:

- Aansoeke moet vergesel word van 'n vier bladsy (12 punt font, enkellynspasiëring) CV wat 'n motivering vir die aansoek insluit. 'n Aansoekvorm met 'n volledige advertensie en beskrywing van die pos sal dan voorsien word. 'n Kort video (5 min) waarin jy jouself, jou passies en bedieningservarings, jou siening van kerkwees, die Bybel en die pad wat die Here en die Heilige Gees op die oomblik met jou stap met ons deel. Name en kontakbesonderhede van drie onlangse verwysings en elektroniese Youtube-skakels na drie onlangse preke wat jy gelewer het.
- Die aansoek moet per e-pos aan me Martelize Bouwer gestuur word na: kerk@bgkerk.co.za en haar teen **31 Mei 2024** bereik. Vir telefoniese navrae kan die kerkkantoor weeksdae tussen 08:00 en 12:00 gekontak word by 013 697 4449.
- Kandidate op die kortlys moet op eie koste beskikbaar wees vir 'n onderhoud en/of erediensbeurt.
- Deur die indiening van die CV gee die kandidaat toestemming dat die inligting soos in die CV vervat onderworpe is aan die terme en voorwaardes van die POPI-wetgewing.
- Die Pre-advieskommissie en die kerkraad van Basileia-gemeente behou die reg voor om nie te beroep of 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Kontakpersoon: Ds Marius Nel (082 327 7425).
Kantoornommer: Me Martelize Bouwer 013 697 4449 (Maandag tot Vrydag 08:00-12:00).

NG KERK PLETTENBERGBAAI

VOLTYDSE MEDELERAARPOS

Die kerkraad van die NG gemeente van Plettenbergbaai wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir die bogenoemde pos.

Gemeenteprofiel:
Plettenbergbaai-gemeente bestaan uit ’n tweekopgemeente met vier bedieningspunte wat insluit die buitewyke van Natures Valley en Harkerville. Twee gevestigde wyke, in Wittedrift en Plettenbergbaai, dien as ankers vir die bedieningsareas. Wittedrift is sowat 13 km buite Plettenbergbaai geleë. Hierdie vakante pos is meer gefokus op die Plettenbergbaaiwyk.
Plettenbergbaai-gemeente het besluit om die vakante voltydse medeleraarpos te vul. Die huidige bedieningsleemte word tans gevul deur twee leraars op ’n vastetermynposbasis (75%:25%) wat teen die einde van Julie 2024 verstryk. Met die vul van dié voltydse pos sal die gemeente dan deur twee medeleraars bedien word.
Die gemeente het 600 lidmate met sowat 250 gereelde kerkgangers. Die kerkbywoning is eweredig verdeel tussen die twee ankerwyke en weerspieël ’n diverse gemeente wat verskeie generasies oorbrug. Alhoewel ’n aansienlike gedeelte van die gemeente afgetredenes insluit, wat ons pragtige dorp hulle laaste tuiste kom maak het, is jeugbediening steeds van kardinale belang.
Ons verwelkom almal wat in die naam van ons Here byeen wil kom by ons gemeente.
Plettenbergbaai is besig met die oorgang van vakansiebestemming na ’n gemeenskap wat meer permanent hier gesetel is.

Leraarsprofiel
Die suksesvolle kandidaat is ’n emosioneel volwasse persoon met ’n sterk roeping en wat passievol in die bediening van die Woord staan.
Om aktief meer jongmense by kerkbywoning en gemeente-aktiwiteite te betrek, beroep ons graag iemand wat passievol is oor die inspirasie van ons jeug. Die suksesvolle kandidaat moet sterk interpersoonlike vaardighede besit om die diverse demografie van ons gemeente te bedien.
Gereelde huisbesoeke met pastorale bystand is integrale pligte wat van ons leraars verwag word.
Ons vereis dat die posbekleër Woordgetroue geïnspireerde en goed voorbereide preke lewer in ooreenstemming met die reformatoriese en belydenisleerstellings van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
Die vermoë om teologiese en spirituele leiding te gee in die aanspreek van kontemporêre kwessies, veral binne die jeugbediening, is noodsaaklik. Dus is sorgvuldige teologiese, hermeneutiese en eksegetiese interpretasie met die bediening van die Woord belangrik.

Pligte: Soos hierbo uiteengesit tesame met Artikel 9 soos in die Kerkorde beskryf.

Vergoeding: Vergoeding sal volgens sinodale riglyne bepaal word.
Behuising in ’n pastorie is beskikbaar wat direk langs die Kerkgebou in Plettenbergbaai geleë is.

Aansoeke:
Belangstellende gelegitimeerde leraars wat genomineer word of aansoek doen sal die volgende stuur aan die skriba:

1. Omvattende CV (ongeveer vyf bladsye), wat bedieningsvoorkeure, spiritualiteit, persoonlikheidseienskappe en bedieningservaring beskryf.
2. Name en kontak besonderhede van ten minste drie referente
3. Deur ’n aansoek in te dien gee die kandidaat toestemming aan die kerkraad van Plettenbergbaai-gemeente om van die inligting in die CV volgens die bepalings van die POPIA wetgewing aan te wend. Alle inligting sal andersins vertroulik hanteer word. Die pre-advieskommissie behou die reg voor om onafhanklik in ligting oor die aansoeker in te win.
4. Kandidate wat die kortlys haal, moet bereid wees om ’n onderhoud te voer en/of om ’n preekbeurt by die gemeente te lewer.
5. **Sluitingsdatum: 19 Mei 2024.**
6. Stuur aansoeke aan: Die skriba per e-pos: ngplett@mweb.co.za

Diensaanvaarding: Ons beoog om ’n aanstelling vanaf 1 Augustus 2024 te maak..

Navrae:
Die skriba – mev Mossie Botes – 044 533 3525 of 072 376 1596.
Die voorsitter – mnr Frik Venter – 083 647 0838
Webtuiste – www.ngkerkplett.co.za

*Die kerkraad behou die reg voor om geen **aanstelling** uit die aansoeke te maak nie*

Die volgende uitgawe van *Kerkbode* verskyn op 31 Mei 2024

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

UVONGO
Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
Webblad: www.grietseplek.com

JEFFREYSBAAI
SANDKASTEEL
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

BLOEMFONTEIN
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

KONTAK ONS

Teken in op *Kerkbode:* Viona Ross Tel 021 864 8278
E-pos: viona@tydskrifte.co.za
Besoek **www.kerkbode.christians.co.za/bestel**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs
Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos:
kerkbode@tydskrifte.co.za

NG GEMEENTE VENTERSDORP

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS

Sluitingsdatum: 30 April 2024.

Die kerkraad van die NG Kerk Ventersdorp stel graag bogenoemde pos bekend.

Gemeenteprofiel: Ventersdorp is ’n plattelandse dorp in die hart van die Wes-Transvaalse mielie- en beeswêreld. Dit is ’n hartlike gemeenskap wat kan saamstaan in tye van nood. Die gemeente het ongeveer 400 lidmate, wat versprei is oor ’n distrik van 3 550 km². Die dorp het verskeie besighede, vanaf eenmansake tot industriële fabrieke en kettingwinkels. Twee skole en ook kleuterskole bedien die gemeenskap en daar is ook ’n busdiens na skole in Potchefstroom.

Verskeie groot dorpe omring Ventersdorp met Potchefstroom, en die Noordwes-Universiteit slegs sowat 50 km ver.

Die gemeente is in ongeveer 1889 gestig en die indrukwekkende kerkgebou is in 1920 voltooi.Die kerk het ’n gelooflike Engelse Rushworth & Dreaper pyporrel, wat in 1920 in gebruik geneem is, en nog in elke erediens gebruik word en jaarliks vir die Orrelfees ingespan word.

Leraarsprofiel
Ons vertrou die Here vir ’n leraar wat eerstens, ’n passie vir Christus het.
Ons is op soek na ’n leraar wat Geesvervuld en dinamies is met ’n onwrikbare waardestelsel.
Iemand wat maklik kommunikeer, met sterk leierskap maar wat bereid is om almal te kan bemoedig en help toerus om roeping en dissipelskap te kan uitleef in die gemeente en gemeenskap.
Iemand wat bereid is om in al die aktiwiteite van die gemeente te deel en mense te bemagtig om selfstandig leiding te kan neem.
Iemand wat alle ander pligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, sal nakom.

Vergoeding
Die kerkraad is oop vir enige onderhandeling vir TKVI, medies, reis, verblyf en pensioen met sinodale skale as riglyn. Daar is ’n ruim pastorie wat deel vorm van die pakket.

Aansoek
Gelegitimeerdes met volle ampsbevoegdheid is welkom om volledige CV’s met drie raadpleegbare verwysings te stuur aan:
Die Beroepskommissie by: nggemeentesvsd@gmail.com
Enige navrae kan aan die saakgelastigde by dieselfde adres gerig word, of kontak Johan Kooij by 083 298 1311 buite kantoorure.

Dana Snyman

Weet die jonges nog wat is nagmaal?

Die kinders ken nie meer die kerk soos ons die kerk ken nie, sê Louis en skuif sy beker cappuccino in ’n kring voor hom op die tafeltjie in The Argentinian in Linden.

Louis is ’n Afrikaans-onderwyser by ’n bekende skool in die stad.

Wat bedoel jy? wil ek weet.

Hy behandel vanjaar ’n Pieter Fourie-drama met die matrieks. Een van die karakters in die stuk is ’n ouderling in die plaaslike gemeente.

Baie van die leerders het hom bot aangestaar: ’n Ouderling? Wat vir ’n ding is dit?

Vir my en Louis en dié ouer en effens jonger as ons is ’n ouderling so deel van ons lewe soos die portrette in ovaalrame van ons voormense teen die sitkamermuur.

Elkeen van ons het sy of haar eie beeld van ’n ouderling. Vir my is dit gewoonlik ’n man, ’n oom met ’n stroewe gesig, in ’n swart pak, wit hemp en wit das. ’n Gesagsfiguur wat toesien dat dinge ordelik in ’n gemeente verloop.

Dit is lankal nie meer só nie. ’n Vrou kan nou ook ’n ouderling word, en dit is mooi en goed so. Maar dit is nie vir my lekker om te hoor baie kinders weet nie meer wat is ’n, wel … tradisionele kerkdiens nie. Weet die jonges nog wat is nagmaal?

Jy sit die Sondagoggend in die kerk. Die koster lui die klok ’n laaste keer, net ’n kort sarsie dong-dong-dongs. Die deure weerskante van die preekstoel swaai oop en die ouderlinge en die diakens kom in twee rye uitgestap en gaan sit onderskeidelik in die ouderling- en die diakensbanke.

Die dominee in sy toga gaan staan op die preekstoel se derde trappie van onder en buig sy hoof in stil gebed.

Die orrelis kyk in die spieëltjie bo-op die orrel en die waardige note word stil.

Daardie ritueel ken die meeste kinders nie meer nie, sê Louis. Baie gaan saam met hulle ouers na kerke toe waar die preekstoel vervang is met ’n lae verhoog. Die ouderlinge en die diakens sit by hulle mense in die gewone banke.

Ander kinders gaan op ’n Sondag na ’n gebou wat meer soos ’n teater as ’n kerk lyk. ’n Plek waarin die klanke van ’n pyporrel verdwyn het, waar daar nou ’n orkes is en die gemeente *praise* en *worship*. Hande in die lug, kom ons prys die Here!

Foto: Dana Snyman

Daar is sekerlik niks fout daarmee of onchristelik daaraan om te *praise* en te *worship* nie, maar vir my voel dit net nie reg dat ’n kind nie meer weet van ’n kerkgebou met ’n preekstoel met ’n kanselkleed waarop staan: “God is liefde” nie. Of: “Die Here kom”.

En voor die preekstoel is die nagmaalstafel en die doopvont.

Al verdwyn die tradisionele manier van nagmaal vier uit die kerk, sal ek in my kop altyd só nagmaal kan hou. Die nagmaaltafel staan op die wynrooi tapyt voor die kansel, met ’n wit net daaroor getrek. Die dominee lees die nagmaalsformulier: “… Die nagmaal is in die eerste plek ’n gedagtenismaaltyd. Die Here het by die instelling van die nagmaal gesê: “Gebruik dit tot my gedagtenis …”

Die dominee trek die wit net af, vou dit op, en daar staan die gedekte tafel: groot, ronde silwer bord met stukkies gebreekte brood in en silwer kelkiestaanders op mekaar gestapel, met die kelkies wyn in. Eenkant een of twee silwer bekers.

Twee of drie ouderlinge neem saam met die predikant by die tafel plaas.

Van die gemeentelede is ook welkom om by die tafel te kom sit.

’n Gebed volg.

Die diakens kom kry elk ’n silwer skinkbord en stap in die gangetjie tussen die banke af en gee ’n skinkbord vir die gemeentelid aan die punt van die ry. Van hand na hand word die skinkbord in die ry af aangegee en elkeen neem ’n brokkie brood.

Dan sit jy daar in die gemeenskap van flenters heiliges met die flentertjie brood in jou hand, en die orrel speel, en jou siel voel ’n bietjie minder flenters. Dit is asof jy vlugtig deel is van iets groter as jy, iets ouer as die aarde, iets anderkant woorde. Die numineuse.

Dan kom die kelkie wyn. Jy sit die stukkie brood op jou tong en sluk dit met die effens te soet wyn af en tussen al die onsekerhede in jou gemoed voel jy iewers is genade, iewers Goddelike liefde.

Daarna kry mense wat uit die nagmaalsbeker wil drink, die geleentheid daarvoor. Een of twee diakens stap deur die kerk, met die beker in die een hand en ’n wit lapservet oor die voorarm. Met een van sy growwe boerehande neem oom Gert die beker by die diaken en neem ’n gewyde sluk uit die beker. Stadig, alles gebeur stadig in só ’n nagmaalsdiens.

Soveel mense wil hê jy moet alles op aarde wetenskaplik kan verklaar en verduidelik. En vir veral die jonges moet dinge vinnig gebeur – vinnig, kort en vermaaklik, soos in ’n Tik-Tok-videotjie. ’n Tradionele kerkdiens pas nie mooi hierby in nie: die stadige, waardige manier waarop die verrigtinge verloop. ’n Viering wat jy nie met die druk van ’n selfoonknoppie of ’n TV-stel se afstandbeheer kan verander nie.

Ek besef verandering, ook in die kerk, is nodig en ’n noodwendigheid, maar verarm die verdwyning van sekere rituele uit die erediens ons nie geestelik nie?

Hy verduidelik maar vir sy leerders al hierdie ou maniere van glo en doen, sê Louis. Dit is immers wat ’n onderwyser behoort te doen.